AFKNYPER, TREKSPRINKAAN, VOETGANGER, KAALVRETER

Dankie, Broer Neville. Ek het opgelet hulle het die mikrofoontjie bly skuif, of die volume. Kan julle my goed hoor? Dis gaaf. Die . . . Dankie.

Die versteurinkie, net 'n paar oomblikke gelede, was, 'n broer het sy motor op 'n verkeerde plek parkeer hierbuite, en die mense, dink ek, wil hê hy moet dit skuif. Dis wat dit was. En hy . . .

[Broer Gene Goad praat met Broer Branham oor die mikrofone—Red.] Hierdie een *hier* oorkant? Wat as ek hierdie afbring? Kan julle my goed hoor? Ek . . . Dit is die Kentucky gesegde: "Ons is by die verkeerde adres." Ek het in *hierdie* mikrofoon ingekyk, en *hierdie* is veronderstel om die een te wees. Dis gaaf. Dankie, Broer Gene. Nou, vandag, is dit . . .

2 Ons is bly om te rapporteer oor die byeenkoms by—by Middeltown, Ohio, verlede week, of voorverlede week, is dit, nou. Dit was 'n wonderlike tyd vir ons. Ons het . . . O, die gemeentes was nie so groot nie. Maar dit was buite in die platteland by 'n plek wat hulle die Chatauqua noem, ver buite, agt of nege myl buite die stad. Maar die—die sitplek was vol, en dit kon 'n paar duisend mense huisves. Ek is nie eintlik baie goed met skares skat nie. En so was die hoofsaak, Jesus het ons ontmoet, en dis wat die goeie deel was. En dit het wonderlike resultate opgelewer, aan Wie ons die lof bring, die Here God, om dit vir ons te doen.

3 En daar was van die beste mense wat ek ooit in my lewe ontmoet het, in daardie land. En omdat ons so naby aan die grens is hier, mag ek dit sê, hulle was nege-en-negentig persent Kentuckiërs. Alles daarbo was Kentucky. Broer Sullivan het gesê: "Broer Branham," het hy gesê: "weet jy, almal, omtrent die hele valleitjie wat hierdeur loop, is Kentucky?"

En ek het gesê: "Ek—ek het dit nie geweet nie."

Hy het gesê: "Ja, hulle is."

4 En een aand in die diens het ek net terloops opgemerk: "Hoeveel is hier van Kentucky af, steek julle hande op." Ek het rondgekyk, ek het gedink: "Is enigiemand van elders af?" Net eenvoudig almal, Kentucky.

5 En die resultate was wonderlik, soveel terugvoering! Daar was 'n—'n man, gister, wat verbygekom het, verbygegaan het en

my van sommige dinge vertel het wat plaasgevind het, en briewe wat inkom, en verskillende getuienisse. En toe was daar . . .

6 Daar's 'n man hieragter wat net nou die opnames maak, en hy het gesê, op 'n sekere aand, ek glo hy het gesê die "laaste aand," toe ek gepreek het oor die arendjie. En hy het gesê dat . . . In die onderskeidingsry, of kon in die gemeente gewees het, ek sou nie kon sê watter een nie, maar daar was 'n man wat opgekom het uit die gehoor. En die Heilige Gees het met hom begin praat, en vir hom gesê dat hy nie van daardie streek gekom het nie, maar dat hy van Indiana was, 'n plek bo in Indiana. En gesê dat: "Jy staan nie hier vir jouself nie. Jy staan hier vir 'n babatjie van jou, net 'n paar maande oud, miskien drie maande," en so-iets. En daar sou geopereer word, en die hart moes uitgehaal word. En dit was so 'n—'n jammerlike toestand; sy longetjies het opgeswel, sy bors; sy magie het heeltemal ingeval. En vir hom gesê om huistoe te gaan, om nie te twyfel nie; maar as hy nie sou twyfel nie, sou hy sy babatjie gesond vind.

7 Nou, die getuie is net in die volgende vertrek hier nou, en miskien die baba in die gehoor, vir al wat ek weet. Die babatjie se longe het normaal geword, en die magie het normaal geword. En die man wat die opnames hierbinne maak, van een van die bandopnames vanmôre, het die moeder gebring, die vader, en sy . . . hierdie bandopnemer se buurman, en hulle ingebring, en die baba gebring, en die baba oorkant in die kamer gesit, en die band gespeel, wat SO SPREEK DIE HERE was. En hy het gesê dat toe hulle by die deel gekom het waar die man homself kom voorstel het op die verhoog, gesê: "Het die Heilige Gees in die kamer ingekom, want daar het die babatjie net daar gesit, aan die babageluide maak en speel en aangaan." Het geen operasie nodig gehad nie. Die dokters het nie nodig gehad om te opereer nie. Die Here het geopereer op die baba, met Sy groot, groot Krag. En die babatjie wat daar gesit het, aan die speel op die bedjie, en—en die moeder en vader wat daar sit, en die buurman wat miskien 'n bietjie skepties kon gewees het oor die hele ding; daar was die Teenwoordigheid. As dit nie apostoliese geloof is nie, weet ek nie wat is nie.

8 Julle weet, die Bybel het gesê, toe Jesus het, deur die apostel Petrus en Johannes, die verlamde man by die poort genees het: "Kon hulle niks daarteen sê nie, want die man het daar gestaan as 'n getuie." So, Christus leef steeds. Prys Sy Naam. Watter vertroosting is dit in hierdie dae! Nou, dis net een van die vele getuienisse. Maar wat dit is in hierdie dag, om uit te vind dat dieselfde God, met dieselfde wonderlike dade, dieselfde dinge wat Hy gedoen het, Hy dit op dieselfde manier doen vandag, omdat Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is. Ons is dankbaar om die voorreg te hê om vergader te wees vanmôre in Sy Naam.

9 Nou, bid vir ons soos ons reis van plek tot plek, om die Here te dien in die kapasiteit wat Hy ons sal roep. En ons is bly dat dit nie net van die tabernakel hier is nie, maar van oraloor, oor die land.

10 Dankie, suster. Dit was iets lojaals. Ek weet dat die groot God van die Hemel jou dieselfde ding sien doen het. 'n Dame, heelwat jonger as 'n ander, wat hier sit. En 'n vrou wat op die veld was vir die Here, jare voor ek gebore is, sy en haar man; iets oor die vyftig jaar, die Evangelie gepreek. Sy wat in 'n steenkoolmyn gewerk het, om hom op die veld te ondersteun, om die Evangelie te preek waarvoor ek staan. Die ouer vrou het voor gesit, met geen waaier nie, die sweet van haar gesig afgevee; 'n jong vrou staan op, en kom en bring vir haar haar waaier. So, ek sê julle, ek is bly om vanmôre vergader te wees met sulke mense, maak my bly dat ek 'n Christen is, en vegader te wees saam met Christenmense.

11 Nou dis baie warm in ons land, en regoor die land nou. En ons sien uit na die aanbreek van die herfs, wanneer dit koeler sal wees. Ons volgende groot byeenkoms waarvan ons weet is in San Jose, Kalifornië. Dis waar ons op die skougronde was vir 'n paar dae, en daar was so 'n samedrommimg, ons kon glad nie na hulle omsien nie. En dieselfde groepe borg die byeenkomste wat nou opkom by die skougronde by San Jose. En ons vertrou as jy daar naby woon, of vriende, skryf en vertel hulle om by die byeenkoms te wees. Indien nie, om in gebed te bly vir ons.

12 Nou, vandag, ek het genoem dat ek hier sou wees vanmôre, om aan te sluit in gebed en in smeking tot die Here, saam met al julle mense. En as daar vreemdelinge in ons midde is, is ons jammer dat ons gebou nie lugversorgd is nie, maar ons is net 'n arm kerk, in die wêreldsgoedere, maar ryk in die Geloof in die Koninkryk van God. En ons verwelkom julle vir hierdie kort besoekie, bid dat julle sal terugkom en weer by ons sal wees. Eendag hoop ons om 'n beter kerk te hê.

13 Ons is nie te veel op kerkgeboue in hierdie dae nie, want ons glo waarlik, met ons hele hart, dat die Here Jesus binnekort kom. En wanneer sendelinge op die veld is, die Evangelie preek, met geen skoene aan nie, een maaltyd 'n dag eet, hoe kan ons 'n miljoen-dollar-kerk bou in die lig daarvan? Ek—ek kan dit net nie sien nie, en dan sê: "Die Here kom binnekort." Laat ons in die veld ingaan en doen wat ons kan in hierdie geslag. As daar nog een is, laat. . . Hulle sal antwoord vir hulle s'n; ons sal moet antwoord vir hierdie een. Kan net nie daardie miljoen-dollar-geboue, ensovoorts gaan, nadat op die veld was en dit gesien het nie.

14 Nou, dis aangenaam. Ek glo die huis van die Here moet aangenaam wees. En dit behoort 'n—'n gewyde plekkie te wees. Maak dit so gemaklik en aangenaam as moontlik, maar niks uitermatigs nie, want ons verstaan dit nie.

15 Nou voor ons bid en die Skrifte lees, wou ek gee 'n . . . nie preek vanmôre nie, maar 'n lesing gee oor die Skrifte. En kom gewoonlik . . . ek doen dit net in my eie kerk, en ons is in ons kerk. Ons is nie 'n denominasie nie. Ons is interdenominasioneel, van aard, en is nie geaffilieerd met enige kerke in die lyn van denominasie nie, maar is geassosieerd met alle gelowiges van alle denominasies en alle mense dwarsdeur die hele wêreld. Ons kerkie, vanmôre, is bekend regoor die wêreld. Die bande wat julle . . . Hierdie Boodskappe, net so versnipperd soos hulle is, tog ondersteun ons, op die sendingvelde, (hoeveel verskillende buitelandse nasies?) negentien buitelandse nasies, net met bande alleen.

16 Negentien verskillende nasies neem die Boodskappe en vertaal hulle. Iemand, soos ek preek, iemand wat daar staan en preek reg saam met dit. En hulle gaan in die hutte in en die plekke buite waar God nie eers bekend is nie, en preek vir die heiden, en vir die inboorlinge van Afrika en Suid-Amerika in, en oraloor die wêreld, en honderde maal honderde kom na die Here. Baie word genees. En dis waarom ons voel dat dit van die allergrootste belang is dat ons die Boodskap inkry, nie in groot geboue ensovoorts nie.

17 En dan, wanneer ek hier is, hou ek net lesings oor die Skrif. Maar, buite in die veld, preek ek nie enige Kerkdoktrines nie, want, deur dit te doen, maak dit dit moeilik. Die mense sal sê my "Doktrine is nie reg nie," of so-iets. En as jy een preek . . . As ek die Metodiste doktrine preek, sal die Baptiste van my verskil. As ek die Baptiste s'n preek, dan sal die Lutherane verskil. As ek die Pinkster preek, sal die Nasaréners verskil. As ek die Nasareense preek, dan sal die kerk van God verskil. So, julle sien, jy moet 'n standpunt vir iets inneem, maar, in die omvang van die veld van diens, verwelkom ons net elke gelowige, maak nie saak wat jou geloofsbelydenis of denominasie is nie. Solank jy wedergebore is uit die Gees van God, is jy ons broer en suster. En ons beplan om dit altyd so te hou.

18 En dan, as die Here wil, vandag, wil ek preek, in ons kerk, ons kerk staan op Bybel Doktrine, waarvoor die kerk staan, en waarom ons dit doen. En deur so te maak, sal ons beslis veroorsaak of . . . ons bedoel nie om te nie, maar ons mag vrae laat ontstaan in iemand se gemoed, sê: "Wel, ek is nooit so geleer nie, of om Dit te glo op so-en-so 'n manier nie." [Broer Branham sê: "Dankie," vir iemand—Red.]

19 En as dit so gebeur dat jy sal . . . jou kerk nie glo, of jy net nie die dinge glo waarvan ons praat as ons Kerkdoktrine nie, vertrou ons dat dit op geen manier aanstoot sal gee nie. Want, die heel eerste stap na suksesvolle Christenskap, en om te wys dat mens die Heilige Gees ontvang het, is nederigheid, ware God-gegewe nederigheid, dat Dit nederig gegee moet word. Maar, tog, 'n kerk sonder 'n Doktrine is net soos 'n jellievis; dit het geen ruggraat

nie. So, ons moet ruggraat hê daarin. En nie net ruggraat nie, maar tande, ook, want die Kerk van God moet die Brood van die Lewe eet.

20 En ons, in party van die stellings wat ek mag maak, as ek Dit hard probeer inslaan, moet Dit nou asseblief nie verkeerd verstaan nie. Dat, ek probeer nie onbeskof wees nie, oor lering van die Bybel nie. Maar as ek, deur dertig jaar van soek, geen geloofsbelydenisse of niks behalwe net die Woord te neem nie . . . Daar's mense hier wat Presbiteriaans, Katoliek, Baptis, Pinkster, Nasareens, kerk van God, Pelgrim Heiligheid is, hulle sit almal hier. En ek weet dat elke kerk sy eie geloofsbelydenis het, en ek wil dit nie onderbreek nie, maar ek probeer net die Skrif uitbring en dit maak volgens die Skrif. So dan sal almal—almal verstaan dat dit nie is om onbeskof te wees nie. Dis net om te wees met liefde en deernis, en met genade, en met die beste waarvan ek weet hoe om die Skrifte te verduidelik.

21 En nou, die onderwerp vanmôre gaan soort van 'n lang onderwerp wees, en ek wil nie haas nie. Ek wil my tyd neem net vir wat ek gaan sê, en dit probeer verduidelik, waarom ons dit sê.

22 Soveel keer in die dienste, sal iemand sê: "Wel, wat glo hy? Is hy steeds 'n Baptis? Is hy 'n Pinkster? Glo hy in praat in tale? Of, is hy *dit*, of *dat?* Is hy 'n Ewigheidsekuriteitse? Of, wat is hy?" En maak jy dan net een opmerking van wat jy is, sal hulle laat val soos warm patatte. Maak nie saak nie, hulle sal nie wag om te luister, om te oorweeg nie, maar hulle sal jou net vinnig in die steek laat.

23 Nêrens in my dienste, op enige tydstip, het ek ooit geweet dat ek tweedrag tussen broers gelaat het nie. Ek het net altyd die Koms van die Here gepreek, verlossing, en—en Goddelike genesing. Dit skaad geen Volle Evangelie persoon nie.

24 Dan in die kerk hier, het ek ons eie Doktrine. Dit lek uit onder mense wat kom, en gesê: "Wel, ek . . . Broer Branham het *so-en-so* gesê, daardie dinge." Wel, ons moet 'n Doktrine hê.

25 Nou, net onlangs by 'n diens, toe iemand 'n groep predikers gevra het. My sekretarisse en hulle is teenwoordig. Baie, baie briewe het ingekom, en gesê: "Glo Broer Branham in die—in die behoud of onderhouding, die sekuriteit van die gelowige?" Wel, ek het geweet, in 'n wettiese groep wat dit gevra het, sou dit moeilik wees vir my om dit te sê; hulle sou "hande af" baie vinnig. En dit maak glad geen verskil of jy dit glo of nie; solank as wat jy gered is, dis die hoofsaak. En ek het niks gesê nie. En sestien verskillende kerke het die borgskap laat vaar, julle sien die . . . omdat ek geweier het om te antwoord, om gemeenskap met die mense te behou.

26 Nou, in die kerk vanmôre, wil ek verduidelik waarom ek glo soos ek glo.

Laat ons bid.

27 Here, Wie Jesus weer uit die dood gebring het, en Hom vir ons gegee het as 'n Offer van U liefde vir ons, en deur die was van die water deur die Woord, het Hy 'n vreemde volk geheilig, 'n uitverkore groep, en ons wag geduldig vir Sy Tweede Koms. En ons weet dat, in die oë van die mense, daar baie geloofsbelydenisse en denominasies is. En, Vader, God, ons bid dat U ieder en elk van hulle sal seën. En die standpunt waarvoor hulle staan, hoewel ons mag verskil van hulle in baie dinge, tog, in beginsel, as Christene en as broers, staan ons skouer-aan-skouer met hulle. En nie net skouer-aan-skouer nie, maar hart-aan-hart. In die dag van onverskilligheid, wanneer mense roekeloos en verwaand is, meer liefhebbers van genot van die wêreld as van God. Ons bid, O God, dat die Heilige Gees ons harte nader aan mekaar sal trek, almal, dag na dag. Genees die siekes vanmôre, Here.

28 Daar is diegene wat in die waterdoop gaan ingaan. En ons bid dat U Heilige Gees hulle sal vul met (die) Sy Teenwoordigheid as hulle nog nie as sulks ontvang het nie. Mag hulle weggeseël word van die dinge van die wêreld, en gevul met die Gees van God, in Goddelike liefde van God, en met gemeenskap met alle mense.

29 Here, af oor die nasies van die wêreld, soos U my gestuur het, 'n arm ongeletterde man. En tog, Here, met geloof in my hart, van U, die dinge wat ek geglo het en geleer is in die Bybel, en bevestig deur die Engel van die Here Wie teenwoordig staan om te bevestig wat gesê is, as dit van God is. Baiekeer, het mense gedink ek is 'n toegeër. U is die regter van my hart. Maar soos Paulus van ouds, wat selfs Judaïsme gepreek het totdat hy die vertroue van die mense gewen het, en toe Christus, gekruisig, gepreek het; maar eers om die vertroue van die mense te wen, sodat sy Boodskap besprinkel kon wees met sout. Ons bid, O Here, dat U ons gesprekke en ons gemeenskap, sal besprinkel met die Sout van die Gees, met die Bloed van die Here Jesus, en ons die mense sal maak wat geroep is, en dat die wêreld mag kyk en ons lewens dophou, en dan dors sal word om soos ons te wees. Hou ons nederig, en gevul met U liefde en U Gees. Want ons vra dit in die Naam van Hom Wie gebid het dat ons een sou wees, dan, dat alle mense sou weet dat ons Sy kinders is, wanneer ons liefde vir mekaar het. Amen.

30 Nou, aan julle, ek weet dis soort van warm. En as daar—daar 'n voetwaaier hieragter is wat hulle dit êrens heen wil bring, beter sou wees, is dit reg. Ek sou net nou graag iets wou lees uit die Heilige Geskrifte.

[Broer Neville sê vir broer Branham: "Pla hierdie waaier jou?"—Red.] Nee, meneer. Nie solank dit op die grond is soos daardie nie. Ek glo dit sou reg wees, Broer Neville.

31 Ek wil hê julle moet saam met my blaai in die Skrifte, na die Boek van Joël, en dan het ek verskeie plekke hier waaruit ek wil

lees, eers, om 'n lesing te kry, bietjie konteks vir 'n lesing. Eers, in Joël, die 1ste hoofstuk, vanaf die 1ste vers, en die 4de lees. En dan in die 2de hoofstuk, die 25ste tot die 27ste, sal ons lees vir 'n Skriflesing.

> En *die woord van die HERE*. . .na *Joël, die seun van Pétuel, gekom het*
>
> *Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so-iets ooit in julle dae of die dae van julle vaders plaasgevind?*
>
> *Vertel daarvan aan julle kinders, en julle kinders aan hulle kinders, en húlle kinders aan die volgende geslag:*
>
> *Wat die afknyper laat oorbly*. . . *het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind.*

32 En dan in die 25ste tot die 27ste vers, van die 2de hoofstuk.

> . . .*Ek sal* aan *julle vergoed vir die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter*. . . *afknyper* en kaalvreter *verslind het—my groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het.*
>
> *Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van HERE julle God prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.*
>
> *En julle sal weet dat Ek in die midde van Israel is, en dat Ek die HERE julle God is, en niemand anders nie; en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.*

33 Dan in die Boek van Romeine, en in die 1ste hoofstuk van Romeine, en die 25ste vers, lees ek dit. Ons sal die 24ste ook neem.

> *Daarom het God hulle ook aan die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer—*
>
> *Hulle wat die waarheid van God verruil het* van *die leuen*. . .

34 En dan in Romeine, die 3de hoofstuk en die 4de vers. Romeine 3de, en die 4de vers, lees ons. Die eerste fase van daardie 4de vers.

> *Nee, stellig nie!*. . .*God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig,*. . .

35 Nou kom ons by 'n ernstige gedagte van onderwerpe hier. En nou ons. . .Ek glo dat daar 'n tyd sal aanbreek van die herstel van alle dinge wat verkeerd gedoen is. En ons probeer, met alles wat in ons is, en ander manne probeer, sulke groot evangeliste soos Billy Graham en Oral Roberts, en baie ander van die groot

evangeliste, predikers, pastore, wat lojaal teenoor hulle plig is, probeer 'n herlewing in ons tyd sien. En julle, die kinders van God, bid vir 'n herlewing in ons tyd. Tiene van duisende van gebede ontmoet God elke uur, vir 'n herlewing in ons tyd. En dit is geskryf in die Skrifte: "As die volk oor wie My Naam uitgeroep, is hulleself sal vergader, en sal bid, dan sal Ek uit die Hemel laat hoor." Nou, as die kinders van God hulleself vergader en bid vir 'n herlewing in ons tyd, en herlewing kom nie, dan moet daar iewers iets verkeerd wees.

36 Nou, onthou, dat, enigiets kan net werk soos jy werk volgens die wet van daardie ding. Die kosmiese kragte kan net beweeg volgens kosmiese wet. Die planete kan net beweeg soos hulle beweeg word deur die wet van die planete. Die son kan net opkom soos die aarde na die son toe draai. En dit daar, is, alles moet werk volgens die wet van sy plan. Want, God het alle dinge gemaak, en het 'n wet vir daardie ding gemaak. En dan moet dit draai, en om te werk, en om te opereer volgens die wet van daardie item. Dit sal nie reg werk op enige ander manier nie.

37 Plaas 'n ketting op 'n rattand, en plaas dit dan op 'n ronde pen. Jy mag miskien 'n bietjie kan sinkroniseer. Maar die enigste manier wat jy die regte sinkronisasie sal kry met daardie ketting, is om 'n rattand te plaas wat dieselfde is as daardie rattand wat aan die agterkant is, en dan daardie gaatjies in daardie ketting te laat ooreenstem, net presies gesinkroniseer met die rattand, dan kan jy êrens kom.

38 En ek is seker dat ons 'n verkeerde rattand iewers het. Die kerk beweeg te stadig vir die uur waarin ons woon. Daar is iets radikaals verkeerd. En dit betaam ons in hierdie dag, by die nabye Koms van die Here, om te gaan sit en hierdie te bestudeer en te kyk wat verkeerd is, die oorsaak te vind. Jy kan nooit 'n geneesmiddel vind voor jy nie die oorsaak vind nie.

39 As 'n dokter, as jy in sy spreekamer ingaan en jy sê: "Ek kry hoofpyne, en siek op my maag," en hy gee jou 'n aspirientjie, of iets, en stuur jou weg, probeer hy net ontslae raak van jou. 'n Ware, egte dokter sal daardie geval diagnoseer totdat hy vind watter orgaan is buite werking, dan van daardie orgaan af werk.

40 Dis hoe dit is met die Koninkryk van God. Ons moet uitvind wat verkeerd is, dan van daar af werk. Die Skrifte is soos 'n dokter se voorskrif.

41 'n Dokter, wetenskaplikes werk hard om 'n voorskrif te kry, ook, vir die—die doodmaak van 'n sekere kiem, siekte wat in jou liggaam is, soos tiffus, of—of 'n siekte, wat hulle jou 'n serum kan gee wat daardie tiffuskiem sal doodmaak, en tog moet dit so versigtig hanteer word. [Broer Branham praat met iemand oor die waaier—Red.] So versigtig hanteer word, tot dit: as daar nie genoeg daarvan is nie, sal dit nie die pasiënt help nie; en as daar

iets anders bygevoeg is, kan dit die pasiënt doodmaak. Dit moet deur die apteker gegee word, net volgens die voorskrif.

42 Daarom, as daar iets verkeerd is in die kerk vandag, wat nie vooruitgaan soos dit behoort nie, is dit volgens my opinie dat ons moet teruggaan na die Voorskrif, net presies kyk wat verkeerd is, dat hierdie kerk so siek is dat daar siekte in ons kerk is, sonde siekte. Dan moet ons uitvind wat die Dokter voorgeskryf het, en kyk of ons aptekerpastore vir ons die regte Voorskrif gee. En, onthou, jy kan iets byvoeg by 'n baie noukeurige gediagnoseerde Skrif, en die pasiënt doodmaak. En miskien, ek sê nie ons het nie, maar wat as party van ons aptekers iets bygevoeg het by God se Voorskrif? As hulle het, maak hulle die pasiënt dood, laat hulle in sonde sterf.

43 "Wel, dis," jy sê: "wel, as hulle opreg was!" Nee, dit verskoon dit nie.

44 'n Man, 'n apteker, het vir 'n man karbolsuur gegee, hier 'n paar jaar gelede, net so opreg as wat hy kon wees, en 'n geregistreede apteek, en dit het die man doodgemaak. Tog, hy was opreg. Daar is nie . . . Opregtheid, ek het opregtheid onder die Heidene gesien, wat Christenopregtheid laat lyk na iets ver terug in die antieke lyne. Heidene gesien wat hulle babatjies sou lê in die mond van 'n alligator, om dit te offer aan 'n god van die waters. Ek kon nie daardie opregtheid onder Christene vind nie. Ek het mense gesien wat op skerp penne sou lê. En die bene van hulle voete breek as hulle klein kindertjies is; ek het hulle babatjies en kleintjies sien neem, en hulle sny en oraloor merk, en hulle bloei, en partymaal hulle lewens neem. Diepe opregtheid, maar hulle's verkeerd.

45 Nou laat ons iets vind. Job, of Joël, liewer, ek ge- . . . dink hy het vir ons 'n groot agtergrond gegee hier. En dis wat ons wil neem vir 'n voorlesing. Hy het gesê:

> Vertel—vertel julle *julle kinders . . . julle kinders aan hulle kinders, en* hulle s'n nog een, ensovoorts, aan *die volgende geslag,* wat die Heidene sou wees. Vertel vir Israel om aan te hou om dit te vertel.

46 En nou is hierdie Skrif waarvan Joël gepraat het, vervul vandag omdat ons, die Heidene, Dit ontvang het. Hy het gesê:

> *Wat die afknyper laat oorbly het, het die* kaalvreter *verslind*; . . . die kaalvreter, die treksprinkaan, ensovoorts.

47 En hierdie insekte, as jy jou boek oor insekte sal kry, sal jy oplet dat daardie vier verskillende insekte, dieselfde insek is in vier verskillende stadiums van sy lewe. Almal van ons weet dat 'n—dat 'n—'n kokon niks anders as 'n bedekte kaalvreter is nie, en dit gaan 'n skoenlapper uitbroei; en 'n skoenlapper 'n kaalvreter is voordat dit uitbroei. Die afknyper, die treksprinkaan, en die sovoorts, is dieselfde. Dis dieselfde insek. Nou wat ook al . . .

48 Nou luister aandagtig. Wat ook al in die eerste plek gebeur het, met die insek van die afknyper, dit het net 'n kaalvreter geword, later. En die kaalvreter het 'n treksprinkaan geword, later. En wat dit ook al was wat in die begin begin het, is steeds dieselfde ding wat die moeilikheid veroorsaak vandag. En laat ons nou teruggaan in die Skrifte en uitvind wat begin het.

49 Nou, ons weet dat ons net 'n kerk kan bou, eers, op die materiaal wat God vir ons gegee het om dit mee te bou. Dis al wat ons het. En ek dink, voordat. . . ek weet Hierdie is sterk, en Dis op band, honderde mense om die wêreld sal hoor. Maar voordat ons ooit 'n gebou van die Kerk van God kan hê, moet ons eers al daardie dinge terugherstel wat hierdie insekte Daaruit geëet het. Ons sal moet teruggaan en uitvind wat die insekte geëet het. En voordat hierdie Wynstok van die Here, die Wingerdstok. . . Hy's die Wynstok; ons is die lote. En voordat ons ooit kan uitvind, of die Kerk kan staan in sy formele en oorspronklike krag, sal ons moet teruggaan en uitvind wat die insekte geëet het. En daardie Kerk sal terugherstel moet word soontoe, of dit sal nooit staan in sy krag en heerlikheid van sy eerste stand nie.

50 As die bas van 'n boom afgeskeur is, moet ons weer bas daaraan kry. Kweek die bas, eers. Jy kan nie appels kry voor jy die bas kweek nie. Want, die bas is die saplyn. Die saplyn is die lewenslyn.

51 En die Skrifte, God se Heilige Bybel, is die Lewenslyn vir enige kerk. Hoe kan ons ooit druiwesap deur 'n berg-esdoringbas kry? Sal net nie werk nie. Ons moet Wingerdstokbas hê. Ons moet die oorspronklike bas hê. En daar's net een manier wat daardie bas ooit kan terugkom op die Wynstok, is wanneer God dit Self kweek.

52 Ons kan nie 'n bietjie maak en dit opsit nie. Dit sal nie werk nie. Geen mensgemaakte skema sal ooit werk nie. Dit sal God se weg volg of dit sal nooit lewe nie. Mensgemaakte skemas sal nie werk nie. Jy mag 'n lap om die boom draai, en sê: "Laat dit groei." 'n Lap was nie God se program nie. Dit moet bas wees, lewenslyn, en wanneer dit van die wortels af kom, sal dit dieselfde lewe voortbring wat die boom gehad het voor die insekte dit geëet het.

53 Geen wonder ons kan nie genesingsveldtogte hê nie. Geen wonder die kerke is opgebreek nie. Geen wonder een sal sê: "O, *hierdie*, *daardie*, en die *ander*," so teenstrydig nie. Geen wonder daar is sulke ismes onder ons nie, is omdat ons nie die regte vrugte van verdraagsaamheid, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, saggeaardheid kan dra nie. Die Lewenslyn is afgesny van die Boom, en ons sal dit nooit opbring deur die geloofsbelydenisse van 'n lap of enige ander plaasvervangende bas nie. Dit sal die krag van Almagtige God neem om daardie boom weer na sy toestand te laat teruggroei.

54 Het Jesus nie gesê, en die Skrifte het gesê: "Het oë en kan nie sien nie, het ore en kan nie hoor nie"? Hulle kan dit net nie doen nie. En geen mens kan na God kom, of na Christus, totdat God dit aan hom openbaar nie.

55 Nou die dag het ek gepraat, en ons het aan Skrif gedink. Ek het gesê: "Hoekom kan mense Dit nie sien nie?" Ek het gesê: "Daar is dit," en ek het net gedink. Ek gee nie om hoe duidelik Dit is, hoeveel die Skrif Dit leer, jy sal nooit in staat wees om Dit te sien nie totdat God Self Dit vir jou wys nie; gee nie om hoe duidelik Dit is nie. En die hele Bybel is gebou, en die hele Kerk van die lewende God, is gebou op 'n geestelik openbaring van die Woord. Hoekom het Abel 'n beter offer gebring as Kain? Hoekom het Abel nie vir Kain gevolg nie; hy het die mooiste kerk gehad? Maar dit is geopenbaar aan hom.

56 Toe Jesus van die Berg van Verheerliking afgekom het, en hulle gesê het . . .

"Wie sê die mense is Ek die Seun van die mens?"

57 "Een het gesê 'Elía,' en een het gesê U is 'die profeet,' ensovoorts."

Hy het gesê: "Maar wie sê julle is Ek?"

Petrus het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

58 Hy het gesê: "Geseënd is jy, Simon, die seun van Jona, want vlees en bloed het dit nooit aan jou geopenbaar nie. Jy het dit nooit geleer uit 'n paar boeke, of deur 'n kweekskool, of 'n stasie van mensgemaakte skema nie. Maar My Vader in die Hemel het dit aan jou geopenbaar, en op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel sal nie Daarteen standhou nie." Daar het julle dit, geestelike openbaring van die Woord van God.

59 In Mattheüs 11, glo ek is dit, of 12, daarrond iewers, staan daar geskrywe, wat gesê het: "Hoewel Jesus soveel wonderwerke gedoen het, soveel tekens dat Hy Messias was, tog kon die mense dit nie glo nie. Want Jesaja het gesê: 'Hulle het oë en hulle kan nie sien nie. Hulle het ore maar hulle kan nie hoor nie.'" Hoe? Hoewel hulle geleerdes was, hoewel hulle die hoogste godsdienstiges was; hulle was heilig, en sonder fout en sonder blaam. As hulle een jota verkeerd bevind was, is hulle gestenig, sonder genade. Geen mens kon 'n vinger daarop lê nie. Hulle het die Skrifte bestudeer, dag en nag, geslag na geslag, en steeds het God hulle oë verblind.

Sê: "God het?" Dis wat Hy gesê het.

60 God doen wat Hy wil. Ons kan nie vir Hom sê wat om te doen nie. Het Paulus nie, in die Boek van die Romeine, die 8ste hoofstuk, gesê dat: "God Farao opgerig het en sy hart verhard het, sy oë verblind het, vir hierdie selfde doel, dat Sy wil kon geskied" nie? Was Esau nie? En Jakob . . . Esau, het geweier, voor die seun ooit gebore was; het God hom verag. Julle sien, dit werk

alles volgens God se groot voorbestemming. Hy's nie Een wat aan die slaap is nie. Hy weet presies.

61 En ons beoordeel mense volgens hulle. . . blykbaar, hulle eerlikheid of hulle opregtheid. Ons oordeel kerke volgens hulle vooruitgang. Ons sluit aan, ons neem evangeliste, omdat hulle groot is. Dis nie Dit nie.

62 "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie."

63 Wat die afknyper laat oorbly het, het die kaalvreter verslind. Daar's iets verkeerd, iewers, want God se Woord is net so Ewig as wat Hy Ewig is. En God se Woord kan net so min faal as wat God Self kan faal. Nou, daar's iets verkeerd, iewers.

64 So laat ons nou teruggaan. Die agtergrond het ons nou gelê. Laat ons teruggaan, ons teks neem van Romeine 3:4: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees en God se Woord die Waarheid."

65 Ek gaan dit beklemtoon, en ek wil hê julle moet luister. "Laat dit God wees, Waarheid." Laat ons oplyn met wat God gesê het, ongeag wat enigiemand anders gesê het. Ek wil vier verskillende dinge gebruik van wat ek in die Skrif sien, wat hierdie insekte afgeëet het van die Kerk van die lewende God, en die Wynstok van God kreupel gelaat het, of verstok.

66 Ons sal erken, julle Metodiste sal erken, julle Baptiste sal erken, julle Presbiteriane, julle Pinksters, julle Nasaréners, julle erken almal, die tabernakel hier erken: "Daar's iets verkeerd." En ons, die tabernakel, is net so skuldig soos die res, want: "Hy wat weet om goed te doen, en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde."

67 Nou laat ons teruggaan. En ek wil vier dinge noem, net so Skriftuurlik as wat ek weet om te wees, wat hierdie insekte afgeëet het van die Kerk, vanaf Sy eerste, oorspronklike toestand.

68 Nou, die eerste ding, die kerk is gevestig op die Pinksterdag. Petrus het die—die inhuldigingspreek gepreek by baccalaureusdiens, toe die Kerk gebore is. Die Christenkerk is gebore op die Pinksterdag. En as God oneindig is, oneindig, en nie kan verander nie, moet Sy kerk bly soos Dit aan die begin was. Erken julle dit? [Gemeente sê: "Amen"—Red.] Die Kerk moet altyd bly net soos Dit was.

69 Maar die mens het Daaraan getorring, hulle eie interpretasie Daaraan gekoppel. Moet jy nooit probeer om die Woord van God uit te lê nie. Sê net wat Dit sê. Maak nie saak hoe Dit is nie, so lyn net op Daarmee, dis al. Moenie die Woord verander nie. Die Bybel het gesê, dat: "Die Skrif is nie vir eie uitleg nie." Ons het geen reg om hierdie dinge te sê; ons moet Dit net lees en presies sê soos Dit sê, en Dit op dieselfde manier glo. Ek gee nie om hoe belaglik Dit lyk nie; glo Dit, in elk geval.

70 Die preekstoel is geen plek vir 'n grap nie. Dis 'n plek vir opregtheid. Ek bedoel dit nie om snaaks te wees nie. Ek bedoel dit om iets aan te haal wat vir my vertel is. Gesê, daar was 'n ou gekleurde broer onder in die suide, 'n Bybel gedra, en sy baas het hom bespot. Hy het gesê: "Jy kan Dit nie lees nie; waarom dra jy Dit?'

71 Hy het gesê: "Ek dra Dit want ek glo Dit." Dis 'n goeie rede. "Ek kan Dit nie lees nie, maar ek weet daar is iets Daarin. Dis reg." Gesê: "Ek glo selfs die 'buiteblad' aan die buitekant Daarvan. Dit het 'Heilige Bybel' daarop geskryf. Ek glo Dit."

72 Hy het gesê: "Enigiets wat daardie Bybel sê om te doen, ek reken jy sou dit doen?"

73 Hy het gesê: "Ja, meneer. As jy dit uit die Bybel lees, sal ek dit doen as dit 'n Gebod van God is."

74 Hy het gesê: "Dan, wat as ek uit daardie Bybel lees, en vir jou gesê het die Here het gesê jy moet deur daardie muur spring daar, daardie groot klipmuur? Hoe op aarde sal jy ooit deur die klipmuur spring, as daar geen gat daarin is nie?"

75 Hy het gesê: "As jy dit uit die Bybel lees, en die Here het vir my gesê om te spring, sou Hy die gat daar hê, wanneer ek daar kom." En dis reg.

76 God so sê, maak nie saak hoe belaglik Dit lyk nie, tree jy vorentoe Daarop. Dit hang van God af om vir die res daarvan te sorg, dis Sy besigheid. Dis jou besigheid om die stap te neem.

77 Nou een van die eerste dinge wat ek vir julle wil sê vir hierdie paar minute. Nadat ons uitgevind het dat die fondasie oorspronklik moes wees, dit moet teruggaan na die fondasie, dit moet teruggaan na waar dit 'n Wynstok was. As iets daarmee verkeerd is, en die Wynstok werk nie reg nie, laat ons teruggaan en uitvind wat verkeerd is.

78 Nou, een van die eerste dinge wat ek graag wil noem, is dat iets weg is uit ons kerk, een van die belangrikste dinge, is Geloof. Die mense het nie Geloof vandag soos hulle in daardie dag gehad het nie. Een of ander soort afknyper, van 'n soort, het ingekom en die Lewenslyn van Geloof afgeëet. Hulle het Dit verander. Vandag rus hulle geloof op een of ander soort van 'n—van 'n groot kerkdenominasie. Maar Judas het ons vertel, in Judas die 3de vers. Dit het gesê:

> *Geliefdes, . . . ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe* . . . (Ek het Dit hier voor my.) . . . *te vermaan om kragtig te stry vir die geloof* (nie *'n* geloof nie; *die* Geloof) *wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is*. (Dit was drie-en-dertig jaar voor hierdie, hierdie Geloof oorgelewer is.)

79 Nou, nie . . . Die mense sê: "O, Dis teen my geloof."

Daar is net een Geloof. "Een Here, een Geloof, en een Doop." Jy mag *'n* geloof hê, maar ons wil *die* Geloof hê. Kragtig te stry, dis: "stry vir," te staan: "op te staan vir."

> *. . . kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.*

80 Wanneer is hulle heiliges genoem? Toe hulle heilig gemaak is. Die Heilige Gees het hulle heilig gemaak. Hulle is heiliges genoem. Nou sê Judas, 'n broer, pleegbroer van Jesus: "Ek wil hê julle moet kragtig stry vir die Geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Moet nooit daardie Geloof laat kwyn nie. [Broer Branham slaan drie maal op die preekstoel—Red.]

81 En die Geloof van die heiliges was nie in geloofsbelydenisse nie, nie in denominasies nie, nie in kerkgeboue nie, nie in verenigings nie, maar dit was in die Teenwoordigheid van die lewende God. Hulle het geloof gehad om die siekes te genees, duiwels uit te dryf, wonderwerke te doen. Al die groot beloftes wat Jesus gemaak het, daardie eerste kerk het Daaraan vasgehou. Dit was die Lewenslyn.

82 Luister hier. Luister aandagtig na wat ek vir julle wil vertel. Die altyd-Teenwoordigheid van die lewende God is die Lewenslyn van enige kerk of enige groep mense, die altyd-Teenwoordigheid van die lewende God om uit te voer, en te doen, en op te tree, en saam met die mense te leef soos Hy het aan die begin. As die Teenwoordigheid van die lewende God 'n Pinkster gebring het met krag, met tekens, met wonders, mense gebring het so vol van die Heerlikheid van God totdat hulle geskree het en gepraat het met ander tale, en gegaan het en martelare vir die Geloof, laat ons kragtig stry vir daardie Geloof totdat die dood ons sal vrymaak. Stry kragtig Daarvoor. Ons sal nie toegee, deur 'n paar boeke te lees, sommige mensgemaakte teologie te neem nie. Ons sal nie toegee, oor 'n paar geloofsbelydenisse of 'n paar gebedsboeke, of iets wat iemand anders gesê het nie.

> My Geloof is gebou op niks anders
> As Jesus Bloed en geregtigheid;
> Alles om my siel wegval,
> Dan is Hy my hele hoop en toevlug.
> Want op Christus, die vaste Rots, staan ek;
> Alle ander grond is net dryfsand.

83 Geen geloofsbelydenis behalwe Christus, geen wet behalwe liefde, en geen boek behalwe die Bybel nie. Geen geloofsbelydenisboeke nie! Die Bybel moet dit sê. Die Bybel moet Dit nie net sê nie, maar Dit elke keer dieselfde sê, moet Dit sê van Génesis tot Openbaringe. Dit moet in elke webbetjie ingaan, en in elke deel van die Woord inweef. As dit nie, dan het ek die verkeerde uitleg Daarvan, want God kan nie Sy Eie Woord betwis nie. As Dit nie dieselfde ding sê aan elke klein veseltjie nie!

84 As hierdie hemp hier, dis regdeur geweef met dieselfde vesel, dis wat dit maak wat dit is. Dis wat dit wit maak.

85 Dis wat die Kerk is. As dit 'n wit Kerk gaan wees, wedergebore, sonder vlek, sonder kreukel, moet dit geweef wees met dieselfde soort van 'n vesel waarmee dit begin het, op die Pinksterdag, 'n Heilige Gees ondervinding, brand en weef. Jy kan nie 'n stuk verrotte lap byvoeg nie. Jy kan nie 'n stuk sakgoed daarby voeg nie. Dit sal nie werk nie. Dit sal dit skend.

86 Een of ander soort afknyper het ingekom en daardie Geloof afgeëet. Hulle staan op en sê: "Ek glo in 'n heilige kerk. Die heilige Rooms Katolieke kerk, glo ek in."

87 Ek glo in Jesus Christus, die Seun van God. Ek glo Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd, en die Geloof en Krag van Sy opstanding lewe vandag in my. Omdat Hy lewe, leef ek ook. Nie as gevolg van 'n geloofsbelydenis nie, nie as gevolg van 'n denominasie nie; maar omdat Christus lewe. En ek's in Christus, ek lewe deur Hom, en saam met Hom, en ek lewe deur Hom. En Sy Lewe vesel Ditself deur my. As Dit dit nie doen nie, dan kan ek nie myself Syne noem nie. Hy neem nie net my kop nie; Hy neem my hart, my bewegings, my alles, en verweef Homself daarin.

88 Hy verweef Homself in die Woord. Die Woord kan nie een ding sê, een plek, en iets anders hierdie ander plek nie. En ek weet Dit is so geskryf. Dis so geskryf vir 'n doel. Jesus het so gesê, en God bedank, dat Hy—Hy "dit versteek het vir die oë van die wyse en verstandige mense, en dit sou openbaar aan kindertjies wat wou leer." Dis God se doel om dit te doen. Hy . . .

89 Waarom het Hy ooit 'n sondaar laat kom? Hy moes 'n sondaar laat kom, vir die doel dat Hy 'n Verlosser was. Hy's groter as 'n sonde. Hy . . . sou nie sonde gewees het nie, Hy sou nie Satan die eerste sonde laat maak het nie. Maar die rede waarom Satan die eerste sonde geskep het, of die geregtigheid verdraai het, tot sonde, die rede waarom hy dit gedoen het, sodat God 'n Verlosser kon wees. Hy het die mens laat siek word, omdat Hy 'n Geneser is. En Hy moet regverdig wees, en Hy moet die Boom van Lewe en die boom van dood voor elke mens plaas, soos Hy het met Adam en Eva gedoen het, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy dit voor Adam en Eva geplaas het. Nou hang dit van jou af.

90 Nou let op na Geloof, die ware Geloof, die ware Geloof: "die Geloof." Nou neem ons ons kerke vandag, kyk na ons, kyk na ons Pinkstermense, kyk na ons Baptismense, ons Presbiteriane, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, en die Branham Tabernakel, almal van ons, ons is skuldig, nie kragtig aan die stry vir daardie Geloof nie.

91 'n Stryerytjie kom op in die kerk, in die Branham Tabernakel. Ek is by die huis. Ek kan nou van julle praat. En hulle sal 'n klein kliek vorm, en een sal aan eenkant gaan en een aan die ander. Is dit stry vir die Geloof wat eenmaal oorgelewer is aan

die heiliges? Klink dit na die apostoliese Doktrine? Nee, meneer, broer. Hulle het 'n Ananias en Saffira saak gehad. God is steeds dieselfde God. En ons het gesien dat dit bewys word. Nie kragtig stry nie.

92 Die mense gaan vandag uit en sê: "Wel, my geloof leer nie wonderwerke nie. Hulle leer dat die dae van wonderwerke verby is." Dan stry jy nie vir die Geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges nie.

93 [Leë kol op band—Red.]. . . klomp fanatisme, self. Maar ek glo dat daar 'n ware, egte gawe van die Heilige Gees is, en ons stry kragtig Daarvoor. Dis reg. Ons glo Dit. Heiliges praat in tale.

94 Hulle sê: "Ek glo nie in Goddelike genesing nie." Ek glo nie in 'n klomp fanatisme nie. Maar ons glo wel daar is 'n God, dat Hy die siekes genees, dat Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is.

95 Ek het baie gesien wat onderskeiding genoem is, waarin ek nie glo nie. Maar ek glo waarlik daar's 'n onderskeidende Gees van God, die gawe van kennis, wat uitroep en spreek, en Dis elke keer volmaak. Ons stry kragtig Daarvoor, daardie Geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges.

96 Ek weet daar's drome, en mae-vol van—van vars vleis, of is vol van iets anders, wat jou nagmerries laat kry. Jy spring op en noem dit 'n visioen.

97 Daar's 'n ware, egte visioen van God. Reg! God het dit belowe. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hy doen dit, en dit faal nooit. Bybel het gesê: "As daar een onder julle is, wat geestelik is, of 'n profeet, en laat hom spreek; en wat hy sê, as dit plaasvind, luister dan na hom, want Ek is met hom. As dit nie, moenie na hom luister nie, want hy is 'n valse profeet." God kan nie lieg nie. God vertel die waarheid, die heeltyd. Laat dit so wees. Nou vind ons dat dit waar is. Daar is daardie dinge wat. . .

98 Kyk na Paulus, toe daarbuite was daardie nag, alle hoop het vervaag, die duiwel wat gelag het op elke gryns, sy tande laat blink het elke keer wat die branders opgespring het en die weerlig geslaan het: "ek sal daardie apostel hierbuite sink," ou skippie, vol water. En dae en dae, veertien dae en nagte, het die sterre nie eers geskyn nie; en hoe daardie ou skippie gedobber het. Hy wat rondgeloop het, 'n ketting agter hom aangesleep het, vir die Evangelie preek. Halleluja!

99 En ons kan nie eers iemand van ons laat praat sonder om op te blaas soos 'n brulpadda wat bokhael eet nie. Ons gaan die heeltyd aan oor iets. En dan sê ons ons stry kragtig vir die Geloof? Die Branham Tabernakel het heelwat om uit te stryk, eers, so ook die Pinksters, en die Baptiste, en die Nasaréners. Dis waarom ons nêrens kom nie, ons is nie eerlik en opreg nie. Ons ooit van aangesig tot aangesig kom met daardie Ding daar,

dit maak ons onbeweegbaar, altyd in God bly, die Geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges.

100 Die ou kaalvreter kom in, en voetganger, en eet dit af. "Al die dae van wonderwerke is verby. Jy hoef nie *Dit* te doen nie. Jy hoef nie *Dat* te doen nie."

101 As God Sy eerste loot uit daardie Wynstok voortgebring het, 'n pinkstertak was, met krag, visioene, openbarings, genesings, heiligmakings, Heilige Gees, sal die volgende loot dieselfde ding wees. Sal beslis. Elke keer dit . . . elke keer wat daardie Wynstok 'n loot voortbring, sal dit presies wees soos die een was in die eerste plek. Jy . . . Soos ek gisteraand gesê het, met 'n groep broers gepraat het: jy kan nie 'n wingerdstok pampoene laat dra nie. Jy kan nie 'n pampoenrank laat druiwe dra nie. Dis waar. Dis watter lewe ook al in daardie wynstok is, dit bring dit voort.

102 En as Christus in daardie Wynstok is, en die Lewe van Christus is in daardie persoon, sal dit soos Jesus wees, dit sal die vrugte van Hom dra. Dis Sy Gees. Dit kan niks anders doen as om dit te doen nie. Dit moet daardie Lewe voortbring, want dis dieselfde Lewe. Jy kan net nie enigiets anders voortbring nie. Dit sal soos Hy optree. Dit sal soos Hy praat. Dit sal soos Hy wandel. Dit sal genees soos Hy. Dit sal visioene sien soos Hy. Dit sal presies Sy Lewe voortbring, volmaak, elke keer, want Dis Sy Lewe.

103 Jy's net 'n dop. 'n Mens is net soos 'n waterpyp. Hy's nie die Water nie; hy's net die pyp. Neem die Water uit hom uit, sal hy roes. Wel, dis wat die probleem vandag is. Daar's te veel van ons wat roes, wat eenmaal 'n ondervinding gehad het. Laat die Water aanhou vloei, dis wat die Lewenslyn aan die gang hou.

104 Ek het 'n kêrel eenkeer hoor preek, gesê daar was 'n sog in die rolplek, maak die water vol modder. Die beste ding . . . Die Bybel praat daarvan. Kry die vark uit die rolplek. Jy kom hieronder, 'n mooi fontein, en hieronder iewers met die groot fonteine wat uitvloei, daarbo op die berg; is die water baie modderig, beter jy die varke daar uitkry, sodat die water kan skoon kom.

105 Daar's baie dinge wat ons moet uitkry, voor die Waters ooit sal uitkom uit die Fontein gevul met Bloed getrek uit Emmánuel se are, waar sondaars, gedompel onder die vloed, al hulle skuldvlekke, hulle onverskilligheid en pratery, ensovoorts verloor.

106 Sestien predikers, omdat hulle glo . . . Hulle het gedink dat ek geglo het dat God Sy Kerk behou het en Sy Kerk bewaar het. Die Skrif het gesê: "Hy wat My Woord hoor," nie hy wat maak of hy Dit hoor nie. Dis die een wat God sy oë en ore oopgemaak het, om te hoor. Geen mens kan dit doen totdat God sy oë en ore oopmaak nie. "Hy wat My Woorde hoor en Hom glo wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nooit in die Oordeel kom nie, maar het

alreeds oorgegaan uit die dood in die Lewe." Wat gaan met hom gebeur? Het God gelieg of het Hy die Waarheid gepraat?

107 Is die mens reg, of: "O, jy kan die Heilige Gees kry en gered word en môre kan jy verlore gaan en hel toe gaan"? Moet jy nooit daardie gemors glo nie. Dis 'n leuen.

108 Jy ooit wedergebore is, is jou hele geaardheid verander. As 'n man ooit geplant is in Christus, en die Lewe van die Wingerdstok gehoorsaam het, wat deur hom kom, sal hy nooit weer pampoene dra nie. Jy mag een aan hom vasmaak, maar hy weet iets is verkeerd. Hy sal daar lê en kreun totdat dit van hom afgehaal word. Dis te veel gewig vir hom; laat hom te naby aan die grond buig. Hy hou daarvan om boontoe te groei. Kan nie 'n pampoen aan 'n Wingerdstok hang nie.

109 Let op. O! "Stry vir die Geloof," dit was: "stry kragtig." Nie net stry nie, maar: "stry kragtig," tussen Lewe en dood. Ons sal op 'n ander een spring. Jy kan 'n lang tyd op daardie een bly.

110 Die volgende ding wat ons graag voor wil sê, is, broederliefde is weggevreet van die wynstok. Broederliefde! Jesus het gesê: "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle mekaar liefhet."

111 Wel, laat ons nou net 'n voorbeeld neem. As 'n man nie dieselfde glo as ek nie, sal ek reg in sy gemeente ingaan en saam met hom preek, net preek wat hy glo, en net reguit voortgaan en dit laat gaan, omdat ek hom liefhet. Aan hulle vrugte ken jy hulle. As hulle Dit nie glo nie, en hulle het nie broederliefde nie, val hulle uit, verskil, val weg: "ek sal niks Daarmee te doen hê nie." Waarom kom jy nie na my toe en praat met my Daaroor nie? Jy weet nie wat ek glo nie. Sien? Watter verskil maak dit, in elk geval, wat ek glo? Dis Wie ek glo: Jesus Christus. Ek het nooit 'n diens verlaat, nog nie, met 'n slegte smaak, waarvan ek weet nie. Maar, julle sien, broederliefde is heeltemal weggegooi.

112 En Paulus het dit gesien, Een Korinthiërs 13, het hy gesê: "Die broederliefde moet bly." Maar broederliefde is weggeneem. Nou hou dop. Elke keer . . .

113 Nou luister aandagtig nou, ons gaan in sterk vleise in. Elke keer wat die duiwel iets van die boom afhaal, ons sal sê die bas, die insek eet die bas af, sit hy 'n ou mensgemaakte lap daarom, om Sy plek in te neem. Sit 'n lap om die saplyn van 'n boom, dit sal nie die sap opstuur in die vrugte van die boom nie. Dit sal nie enige vrugte dra nie. Dit sal weer reguit afval op die grond. En dis hoekom ons nie, vandag, herlewing in ons dag kan hê nie, dis te veel mensgemaakte leerstelling. Die Lewenslyn sal nie deur 'n ou lap loop nie. Dit sal tap, Lewe sal weer reguit afval op die grond. Dis waarom ons herlewings misluk.

114 Soos Billy Graham gesê het nou die dag, hy was in Engeland, waar hy 'n groot herlewing gehou het. En die einste plek waar hy gepreek het, moes hy sy vrou uit die parke wegneem, omdat

die mans en vroue onsedelik gelewe het reg buite in die parke. Wat was die probleem? Mensgemaakte lappe in plaas van God-gekweekte bas. Dit sal nie die Lewe dra nie.

115 'n Kerk wat om 'n mensgemaakte geloofsbelydenis gedraai is, sal nie die Krag van God opstuur na die lote nie. Dit sal sê: "Die dae van wonderwerke is verby," en Dit plat op die grond laat val. [Broer Branham klop vier maal op die prekstoel—Red.] Amen. Ek weet julle dink ek is mal; maar, as ek is, los my uit, ek voel goed so. Sien? Dit sal die Woord van God laat val.

116 As God hier sê: "Ek's die Here. Ek verander nooit."

117 "Wel, Hy het in hierdie dag verander," sê die lap. Laat Dit val. Waar dit die eerste keer begin het was in die vroeë eeu, toe hulle geen denominasies gehad het nie, en die mens het broederskap probeer herstel deur denominasies. Broederliefde is afgesny as gevolg van denominasies.

118 Wys my een keer wat God ooit 'n organisasie of 'n denominasie gehad het, en ooit Sy Kerk in 'n denominasie gehad het, of ooit 'n denominasie wat ooit opgekom het, wat nie geval het en nooit opgestaan het nie. Nou, ek het gelees vandat ek van daarbo af gekom het, oor hierdie presiese onderwerp. Ek het die *Fox Se Boek Van Die Martelare* gelees. Ek het Joséfus se vroeë geskrifte gelees. Ek het Hislop se *Twee Babilons* gelees. Ek het die *Vroeë Eeue* deur Pember-man gelees, o, en die *Niceense Vaders*, en net voor die Niceense Raad, na Pinkster. En daar was nooit 'n denominasie gewees wat God ooit in die Bybel verordineer het nie. [Broer Branham klop vier maal op die preekstoel—Red.] Toe, toe ons denominasies gemaak en verordineer het, het ons uit die wil van God gegaan.

119 'n Voetganger, genaamd "denominasie," het die oorspronklike bas van broederliefde afgevreet, en dit gedenomineer, deur 'n lap daar om te dra. En die Lewe van God kom reg op deur die wortels hier, die Wortel en Geslag van Dawid, wanneer Dit begin opkom deur die Heilige Gees; toe het die denominasies gesê: "Die dae van wonderwerke is verby. Jy hoef nie in tale te praat vandag nie. Daar is glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie. Daar's geen Goddelike genesing nie. Dit was vir 'n eeu wat verby is. Dis verby, lank gelede." En hier's die lote hierbo, wat ly, die vrugte.

120 'n Goeie, gesonde boom hoef nie bespuit te word nie. Waarom spuit ons weer en weer en weer, vir besmetting van wurms? Waarom doen ons dit? Is omdat die boom nie gesond is nie. Waarom is dit nie gesond nie? Geloofsbelydenisse en denominasies het die Lewenslyn daaruit gevreet. Absoluut! Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinksters, het die Lewenslyn uit die boom uitgevreet, 'n denominasie probeer vervang, om alle mense onder politiek te bring. God wil ons nie verenig hê onder politiek en geloofsbelydenisse nie. Ons is saam verenig deur die

Heilige Gees, God se oorspronklike, skeur die sonde uit ons hart, en maak ons almal een in Christus Jesus. Dis waar, my broer. Dis waar, my suster.

121 Dit het begin in die vroeë eeue na die dood van Christus, en die opstanding, na die dood van die apostels. Driehonderd jaar later, het hulle die Niceense Raad ingebring. Dis toe hulle die eerste organisasie gevorm het, wat die Katolieke kerk was. Beteken, *katoliek* beteken "universeel." Uit die Katoliek, die kerk, het Luther uitgekom; uit Luther, het Wesley uitgekom; uit Wesley, het Pinkster uitgekom. Reg af, die klein—klein ompaadjies om, die ander kleintjies, o, Nasareens, Pelgrim Heiligheid, ensovoorts, Baptis, en dit alles. Hulle het almal daaruit gekom, almal kop-in-een-mus, denominasie. Wanneer God 'n kerk 'n seën gee, of 'n groep mense, trek hulle vinnig 'n heining daarom, en hier is waar hulle hulle stand inneem. God wil elke heining afbreek.

122 Ek onthou toe ek die eerste keer na die Weste toe gegaan het. Dit was die tye van omploeg, Kansas, en het koring daar ingesit. Ek het daardie ou cowboys gesien wat nooit niks van 'n trekker of—of enigiets af geweet het, of enige koring kweek nie. Al wat hulle geweet het is beeste oppas. En ons het begin om outomobiele in te bring, en golfbane in te sit, en hierdie ou kniebroeke te dra wat hulle gebruik om golf in te speel, en al daardie goed soos daardie. Ek het daardie ou mans gesien met die lang, wit hare onder hulle hoed, hulle balers en koring planters sien inbring, en sulke goed, sy voet in die saal steek, en sy hoed aftrek. Heinings om die plek gesit; hy kon dit nie verduur nie. Hy het niks geweet van omhein wees nie. Hy was op die plaas, by God en homself. Die grys hare wat onder sy hoed hang soos daardie; gehuil, trane. Dit net afgetrek, sê: "Ek kan hierdie dinge nie verduur nie." Aangery na die sonsondergang.

123 God help ons vandag om pelgrims te hê wat nie kan verduur om omhein te wees met denominasies en geloofsbelydenisse nie, en te ry na die sonsondergang; met 'n Geloof wat onbeweeglik is, wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges; met 'n broederliefde wat alle geloofsbelydenisse en heinings afbreek, en sê: "Ons is broers. Ons is een in Christus Jesus. Wat God ook al sê, ons sê 'amen' Daarop." Gee vir ons daardie tipe manne.

124 Ja, geloofsbelydenisse! Toe het hulle gevorm wat hulle die—die Voor-Niceense Vader genoem het. Hulle het bymekaar gekom, hierin het hulle 'n raad gevorm. Uit die raad het die Katolieke kerk uitgebroei, wat "die universele kerk" beteken, al die kerkies afgeskeur waar God gewerk het, en hulle in een kerk en een godsdiens ingeforseer.

125 Hulle het 'n os aan een arm gesit, os aan die ander, 'n kruis voor 'n man gehang, vir hom gesê "soen dit of. . . en buig, om Katolieke godsdiens te ontvang," of hulle laat een os eenkant

toe gaan, en een na die ander, en trek hom uitmekaar. 'n Vrou geneem en haar hare geneem en dit in 'n vat pik gesit, en vir haar gevra as sy hierdie kruis sou soen; sy sou óf dit doen, en buig voor Katolieke godsdiens, óf hulle sou haar hare op haar kop aan die brand steek en haar verbrand. Hulle op die brandstapels gesit en al die res. Hulle gesit in dit wat hulle die ystervrou genoem het, daardie penne gedruk, om te probeer dat hulle die kruis soen, te aanvaar wat hulle "Christengodsdiens" noem, en hulle tot stof verbrysel.

126 Die martelare het daar gestaan sonder om sy oog te knip. Hy het geweet waar hy gestaan het. Hy het geweet Wie hy geglo het. Hy was in staat, in Dié wete, dat God hom kon oprig op die laaste dag, omdat Hy dit belowe het. Voor hy sou buig voor enige mensgemaakte, ou vuil lap saplyne, sou hy sterf op die stomp. Halleluja!

127 Laat ek op dieselfde plek sterf. As my God nie in my geslag kom nie, sal ek sterf op die stomp waar die voetganger dit afgevreet het, in die geloof dat Jesus Christus en Sy Kerk en Sy Woord dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Mag miskien nie moontlik wees om dit buite uit te bring, in al die lote nie, omdat ou saplyne daarbuite, van denominasie en geloofsbelydenisse, my afgesny het en my soos 'n warm patat gelos het. Dit mag waar wees. Maar ek sal getrou op daardie stomp staan en uitroep, dat: "Die uur sal kom, God sal Sy Kerk herstel, tot Sy vorige toestand."

128 Hierdie mag seermaak. Derde ding. Ek wil nie hê dit moet nie. Kyk na een van die groot saplyne wat hulle afgesny het. En gedurende daardie tyd van die organisasie, dis wat die saplyn seergemaak het, om mee te begin. Die eerste plek, as hulle broederliefde onder mekaar gehad het, sou hulle nooit 'n organisasie nodig gehad het nie. En toe, toe hulle gesien het hulle kon nie hê . . . . . Hulle sou nie broederliefde hê nie, of hulle het gedink hulle sou nie. "Hulle wat op die Here wag sal nuwe krag ontvang." In plaas van God se Woord te neem, het hulle 'n organisasie gehad.

129 Luther het uit daardie organisasie gekom. Vyfhonderd-en-vyftig jaar later, uitgekom. Wat het hy gedoen? Reguit omgedraai, dieselfde ding gedoen wat hulle gedoen het. Reg daaruit het Calvyn gekom. Reg daaruit het Wesley gekom. Reg uit Wesley het die Baptiste gekom, Presbiteriane, en af na die Pinksters. En die Pinksters, na die Nasaréners kom die Pinkster. En na Pinkster, sal wat? Ek hoop die Koms van Christus. Want, die Pinkster het presies dieselfde ding gedoen wat die res van hulle gedoen het.

130 Openbaring 12 sê dat hulle dit sou doen. Sy was 'n hoer, en hulle was prostitute. Hulle was "hoere." Die Katolieke kerk: "sy," gesê was 'n "hoer," in die Bybel, h-o-e-r. Een Korinthiërs

12 het so gesê. En gesê "haar dogters." Nou, hulle kan nie mans wees nie. Hy het nooit gesê "haar seuns" nie. Gesê: "haar dogters." Kerke word voorgestel in die Bybel as vroue. En haar dogters was prostitute, sien, dieselfde ding. Watter soort? Wel, hoe, prostitute? Wat geestelike owerspel pleeg teenoor God se Woord. Vashou aan 'n denominasionele lap in plaas van om kragtig te staan vir die Geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges, Dit sê, in plaas daarvan om terug te gaan en die Woord van God te neem.

131 Ek het hier nie lank gelede nie met 'n priester gepraat. Hy het gesê: "Ek gee nie om wat die Bybel sê nie. Ons is die kerk."

Ek het gesê: "*Dis* die Woord van God."

Gesê: "Ons het dit gemaak."

132 Ek het gesê: "Waarom het dit soveel verander? Julle het nie een ding in julle kerk, wat hierdie Bybel sê, wat julle leer nie." Ek het hom vertel ek het 'n meisie gedoop in die Naam van Jesus Christus.

Hy het gesê: "Jy weet, die Katolieke kerk het dit altyd gedoen."

Ek het gesê: "Wanneer? Daar's elke geskiedenis van die kerke, waarvan ek weet, wat daar lê."

Hy het gesê: "Ons glo ons kategisme."

Ek het gesê: "Wat van die geskiedenis?"

133 Gesê: "Ons gee nie om wat die geskiedenis gesê het nie. Ons glo die kategisme."

134 Ek het gesê: "Hoe weet jy daar was 'n George Washington en Abraham Lincoln? Hoe weet jy daar was 'n pelgrimvaders?"

"Omdat ons ons geskiedenis glo."

135 Ek het gesê: "Daar is geen plek waar die Katolieke kerk ooit georganiseer is tot driehonderd-en-sestig jaar na die dood van die laaste apostel nie." Ek het gesê: "En die Katolieke kerk was nie bekend nie. Hulle het nie gedoop in die Naam van Jesus Christus nie, want hulle was die heel eerste fondasie om die vals doop in te stel. En sy's . . . "

136 Hy het gesê: "Wel, nou wag 'n bietjie." Hy het gesê: "Ons het 'n reg. Ons is die kerk. Ons doen wat ons wil, want God is in Sy kerk."

Ek het gesê: "God is in Sy Woord, nie in Sy kerk nie."

137 As die kerk verskil met die Woord, dan is daar iets verkeerd. "Laat My Woord waar wees, en elke ander mens se woord 'n leuen." Dis reg. God se Woord wat waar is. Maak Sy Woord reg. Gaan terug na Sy Woord. Sien wat die voetganger gevreet het?

138 Nou, gedurende die tyd van die vroeë Niceense vaders. Gene, jy het dit ook pas geneem. Die groot Niceense Raad het 'n groot

argument gehad, oor: "Was daar een God of was daar drie Gode; Vader, as een; Seun, as twee; God die Heilige Gees, as drie?" En hulle het aanvaar dat daar "drie Gode" was. Nou, as julle dit nie glo nie, sal ek dit vir julle net nou lees uit die Niceense Raad, Niceense Vaders. Hulle het dit gedoen: "drie Gode."

139 Daar's een God. Daar's net Een. Hy's Jehova God, die groot EK IS; die Alfa, Oméga; die Begin en die Einde.

140 Hulle het nou gehad, om dit te kon doen, moes hulle iets kry om daarmee saam te gaan. Om dit te kon doen, het hulle probeer sê: "God die Vader, God die Seun, God die Heilige Gees." Nou, absoluut, daar is nie so-iets nie. Dis nie drie Gode nie. Dis heidendom.

Daar is drie ampte van dieselfde God. Die Vaderskap . . .

141 Toe God alleen gewoon het, heilig; Sy Wette, Sy regverdigheid maak Hom heilig. Hy wou in die mens wees. Hy wou aanbid saam met die mens. Hy wou hê die mens moet Hom aanbid. Hy moes na die mens toe kom. En toe, toe Hy het, het Hy geskep; 'n klein maagd genaamd Maria oorskadu. God, Jehova het, en in haar baarmoeder 'n sel geskep, Bloedsel. Daardie Bloedsel het selle ontwikkel, en dit het 'n Man voortgebring, wat Christus Jesus was.

142 God Almagtig, die Vader, het in Hom gewoon. Op die dag van die doop, toe Hy die Heilige Gees ontvang het op die dag toe Johannes Hom gedoop het, het Johannes gesê: "Ek het aanskou en die Gees van God gesien, soos 'n Duif, wat neerdaal uit die Hemel, en 'n Stem wat sê: 'Hierdie is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het.'" Jesus het gesê dat God met Hom was: "Ek en My Vader is Een. My Vader woon in My." Nie Jesus nie, en een met God; maar God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen.

143 En julle Eenheidbroers, baie van julle beland op die verkeerde spoor wanneer julle probeer dink dat God een is soos jou vinger een is. Hy kan nie Sy Eie Vader wees nie. Hy kan nie wees nie.

144 Maar Hy is God. God is Jehova, die Gees; Christus was die huis waarin Hy gewoon het. En toe het Hy hierdie lewe geoffer, en, toe Hy het, het Hy die Gees gegee. En deur hierdie onbesmette Bloed wat Hy gestort het, het Hy my heilig gemaak, dat Hy self kon kom en in my en in jou kon bly. En God is met ons. Dis die Heilige Gees, wat dieselfde is, die einste God, Jehova God. "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld. En die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen."

145 Dis waar die kaalvreters begin eet het, die voetgangers, wat probeer om te maak asof "God die Vader" in Heerlikheid sit, "God die Seun" sit op een of ander regterhand wat Hy het.

146 Die regterhand van God, waar die Bybel gesê het: "Ek het opgekyk en Jesus sien staan aan die regterhand van God," Filippus, of Stefanus, toe hy gestenig is. Beteken nie dat God 'n regterhand het, en Jesus staan bo-op Sy regterhand nie. Dit beteken dat Hy in die regterhand van Krag is, gesag. "Alle mag in die Hemel en aarde is vir My gegee," het Jesus gesê. Hy was in gesag. God was in Christus. Hy's in—in Hom. Die Bybel het gesê: "In Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik." Wanneer jy drie individuele Gode probeer maak, is jy so heidens soos heidens kan wees.

147 Nou, hierdie gaan knyp. Vierdens. Toe hulle drie gode gehad het, moes hulle 'n doop aanbied vir hom, vir hulle drie gode, so die duiwel het hulle oë verblind, van Matthëus 28:19: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. En leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Die duiwel het hulle oë verblind Daarvoor.

148 Nou hou dit. Nou hier is waar ek 'n spyker moet inslaan, en dit gaan seermaak, maar ek wil hê julle moet luister. Dis die Waarheid. God help dit om te wees. . . Ondersoek julle net die Skrifte. Julle vind in die Bybel waar enigiemand ooit gedoop is in die Naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees," julle vind een plek waar enigiemand ooit gedoop is. Kyk, jy sê: "Die duiwel kan. . . " Die duiwel neem daardie Skrif en laat Dit soos iets lyk wat Dit nie is nie.

149 Het hy nie dieselfde ding vir Jesus gesê nie? "Daar staan geskrywe: 'Hy sal Sy Engele opdrag gee, aangaande, sodat U nie miskien op enige tyd U voet teen 'n klip stamp nie.'" Hy het nooit Sy voet teen 'n klip gestamp nie. Maar die duiwel het probeer om Hom iets te laat sien wat die Skrifte nie gesê het nie.

150 Hy was slim. Hy is gevul met God. God was in Hom. En God, wat in 'n mens is, sal Sy openbaring bekend maak. Sekerlik.

151 Ek sal jou neem na Mattëus 28:19: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees."

152 Nou kyk hoe die ekstremistiese drie-eniges van die Katolieke kerk. . . Was nooit in die Bybel nie, was nooit 'n voor-Niceense vaders se geloofsbelydenis, voor—voor-Niceense vaders nie. Hulle was, elkeen, gedoop in die Naam van Jesus Christus, elkeen van hulle. Dit het deur die Katolieke kerk gekom, van daar af uitgekom in die Protestante kerk in.

153 Nou, hoe kan jy dit sien sonder dat God jou oog oopmaak? Jy kan nie. Ek bid dat God julle oë sal oopmaak Hiervoor. En luister net nou aandagtig.

154 Nou gaan ek julle Skrif neem, Matthëus 28:19: "Gaan dan, maak dissipels van alle nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees."

Hoe is jy gedoop: "In die naam van die Vader, in die naam van die Seun, in die naam van die Heilige Gees"? Dis nie eers in die Skrif geskryf nie. En ek wil hê 'n man . . .

155 Jy sê: "Die geseënde heilige drie-eenheid." Vind vir my die woord "drie-eenheid" enige plek in die bladsye van God se Bybel. Dis 'n mensgemaakte skema, 'n ou vuil kerklap wat omgedraai is, om die plek in te neem van die Saplyn van God se Heilige Gees. Glad nie so-iets nie. Daar is glad nie so-iets nie. Vind jy dit en kom na my toe. Jy's verplig om dit te doen, as 'n Christen, as jy dit vind. Dis nie in God se Heilige Geskrifte nie. En die "Vader, Seun, en Heilige Gees" is uitgebroei uit die hel, daar is glad nie so-iets soos drie Gode nie.

156 Nou, ek glo in die Vaderskap van God. Ek glo in die Seunskap van God. Ek glo in die Heilige Gees bedeling van God. Maar dis dieselfde God in elke bedeling, nie drie Gode nie.

157 Nou: "In die Naam van die Vader." Die Bybel het nie gesê: "Gaan doop in die naam van die Vader, naam van die Seun, naam van die Heilige Gees" nie. Gesê: "Gaan doop," het Jesus gesê, omgekyk: "die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Nie "naam van die Vader, naam van die Seun" nie, dit sou hulle individue maak, maar Dit is nie. "In die Naam van die Vader, en . . ." *En* is 'n voegwoord, met dieselfde onderwerp. "In die Naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees." Nie "in die naam van die Vader, naam van die Seun, naam van die Heilige Gees" nie. Maar: "In die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Sien? Nou kyk.

158 Hier staan die gesalfde apostels wat opgaan na Pinkster, om die Heilige Gees te ontvang. Hulle het net reguit na Pinkster gegaan en die Heilige Gees ontvang. Nou, die Kerk is ingehuldig, wat gaan ons doen? Die eerste ding wat uitkom, die Voorskrif moet gegee word. Dokter Simon Petrus moet die eerste Voorskrif uitskryf, want Jesus het vir hom die pen gegee. "Ek gee vir jou die sleutel, Petrus. Wat jy ook al bind, watter Voorskrif jy hier op aarde uitskryf, Ek sal dit ontvang in die Apteek. Skryf dit, en Ek sal dit aanvaar."

159 Wat het hulle gedoen? Toe die manne al hierdie geraas gehoor het wat so gemaak is, het hulle gesê: "Wat beteken dit?" Ander, wat in tale praat. Hulle het gesê: "Ons hoor die wonderlike werke van God."

160 Wat het Petrus gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

161 Nou wat het hulle gedoen? Hulle het "Vader, Seun, Heilige Gees" bygevoeg hier, wat nie in die Voorskrif is nie. Dis reg. Wat

het hulle nog bygevoeg? "Jy hoef nie uit te gaan en te maak soos hulle het nie. Dit gee jou nie vreugde en krag, en praat in tale, en al hierdie dinge nie. Jy hoef dit nie te hê nie. Maak net jou belydenis, skud hand." Dis nog meer giftige dwelmmiddel van die duiwel. As dit hulle so laat optree het toe hulle die Medisyne gedrink het, sal dit jou net so laat maak. Neem Sy Voorskrif presies reg.

"Wat die afknyper laat oorbly het, het die kaalvreter verslind."

162 Nou onthou, as daar nooit 'n persoon ooit gedoop is, in die Bybel, op enige ander manier behalwe in die Naam van Jesus Christus nie, Jode en Heidene, en buitestaanders en alles anders, almal moes kom en gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Ek daag enige man uit om vir my te wys waar een persoon ooit gedoop is in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," of vir driehonderd jaar na die—die dood van die laaste apostel. Wel, dis duideliker as my tien vingers voor my. Jy kan dit nie sien totdat God jou oë oopmaak nie. Wel, daardie, as daardie nie die regte openbaring is nie, waarom het Petrus dan, wat dieselfde openbaring gehad het, reguit omgedraai. . . Tien dae nadat Jesus vir hom gesê het: "Gaan doop in die Naam van Vader, Seun, en Heilige Gees," het Petrus reguit omgedraai, gesê: "Word gedoop in die Naam van Jesus Christus, elkeen van julle." Dan moet hierdie dieselfde openbaring wees wat hy gekry het. En as die kerk daarbuite, en dit sal drie-enig wees, die verkeerde openbaring het, dan gebruik hulle nie die Saplyn nie. Hulle het 'n lap geneem en dit daar omgedraai, en dit laat die Lewe van God daarop val. Dit sal die pasiënt doodmaak! O, na hoeveel ander dinge kan ons gaan, in julle geloofsbelydenisse en dinge, wat dit gedoen het!

163 Laat ek net hierdie kleintjie opklaar. Ek wil hê julle moet ingaan en julle Bybels net vir 'n minuut neem, sodat ons dit net so eenvoudig maak dat die kinders Dit kan verstaan. Blaai na Matthëus, die 1ste hoofstuk. Julle het Matthëus 28:19 gekry. Gaan na Matthëus, die 1ste hoofstuk, die 18de vers.

164 Kyk hier. Ek wil hê julle moet goed kyk. *Hierdie* is die Vader, aan my linkerkant. *Hierdie* is die Seun, in die middel. *Hierdie* is die Heilige Gees, aan die regterkant. [Broer branham gebruik drie voorwerpe om te illustreer—Red.] Nou, Wie is die Vader van Jesus Christus? God, die Vader. Is dit reg? Glo julle almal dit? [Gemeente sê: "Amen."] Ek glo beslis. God, die Vader, is die Vader van die Here Jesus. Vader, Seun, Heilige Gees.

165 Nou haal ek Skrif aan. Kyk. Julle kan dit opsoek as julle huistoe gaan, of dit nou opsoek. "Nou die geboorte van Jesus Christus was dan só," Matthëus 1. Kyk hier. Soos ek dikwels gesê het, as jy 'n storieboek lees, en daar oorkant agterin lees, net Matthëus 28:19 optel soos hierdie, in 'n storieboek: "Johannes

en Maria het vir altyd gelukkig saam gelewe." Wie is Johannes en Maria? Gaan terug na die eerste van die boek en vind uit wie Johannes en Maria is, as Hy gesê het: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader."

166 Ek wil vir julle iets vra. Is die "Vader" 'n naam? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Dit is beslis nie. In die Naam van die "Seun," is "Seun" 'n naam? ["Nee."] Dis 'n titel, net soos "Vader" is. Is "Heilige Gees" 'n naam? ["Nee."] Nee, dis 'n titel. Heilige Gees is wat Dit is.

167 Jy sê: "Heilige Gees is 'n selfstandige naamwoord." So is *mens*. Sien, ek is 'n mens, maar my naam is nie "mens" nie.

168 Dis wat Dit is. Dit is die Heilige Gees. Dis nie Sy Naam nie; dis wat Dit is. Dan as "Vader" nie 'n naam is nie, "Heilige Gees" nie 'n naam is nie, en "Seun" nie 'n naam is nie, wat was die Naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees" dan? [Gemeente sê: "Here Jesus Christus."—Red.] Sekerlik! Sekerlik! Nou, sien: "Vader" is nie 'n naam nie.

169 Jesus het gesê: "Gaan doop hulle in die Naam van die Vader, van die Seun, van die Heilige Gees." Petrus het reguit omgedraai, gesê: "Dis die Naam van 'Jesus Christus.'" Nou, dis presies die prosedure wat hulle regdeur die Bybel gevolg het.

170 Nou wat het hulle gedoen? Wat het hulle vertalers, of die kerkmanne gedoen? Wat het die organisasies gedoen? 'n Ou denominasionele lap omgedraai, om gewild te wees by die res. As ek sodabeskuitjies moet eet en rivierwater drink, en 'n martelaar word, sal ek vir God se Waarheid staan en sterf op die stomp. Dis reg. Daar is geen mens nie, die pous van Rome, of geen biskop of kardinaal, wat Dit kan teenstaan nie. Ja, meneer. Wat's die probleem? Wat die afknyper laat oorbly het, wat die Metodis laat oorbly het, het die Baptis verslind. Wat die Baptis laat oorbly het, het die Pinkster verslind. Wat 'n—wat 'n—wat 'n plek! Die Lewenslyne is almal weg. (Hierdie is net 'n geringe dingetjie.)

171 Nou, Wie is "Vader, Seun, Heilige Gees"? "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees." "Vader" is nie 'n naam nie, "Seun" is nie 'n naam nie, "Heilige Gees" is nie 'n naam nie.

"Van watter Naam praat jy?" Wel, dis soos Johannes en Maria, kom ons gaan terug en vind uit wat dit was.

"Nou die geboorte van Jesus Christus was dan só. Toe Sy moeder, Maria, verloof was aan Josef, voor sy. . . Voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die" (wat?) "die Heilige Gees."

172 Ek het gedink jy het gesê God was Sy Vader. Hoe kan God Sy Vader wees, en die Heilige Gees Sy Vader wees? Nou sien julle,

julle drie-eniges, en skree op die Eenheid? Pot kan nie die ketel vetterig noem nie. Kyk hier. Nee. Sien wat ek bedoel?

173 Die "Vader." Hy het gesê, dat: "Die geboorte van Jesus Christus was dan só. Toe Sy moeder, Maria, verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees." Dan, het "God die Vader" niks daarmee te doen gehad nie? As—as God die Vader, en God die Heilige Gees, nie dieselfde Persoon is nie, dan het Jesus twee vaders gehad, en was ons Verlosser 'n buite-egtelike kind, gebore met twee verskillende geeste, of uit twee verskillende geeste. "Die geboorte van Jesus Christus was, Hy is verwek deur die Heilige Gees." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dan is God die Vader, en die Heilige Gees, dieselfde Gees, of Hy het twee vaders gehad.

174 "En dit het alles gebeur, sodat vervul sou word wat deur die profeet van die Here gespreek is, gesê het: 'Kyk, die maagd sal swanger word met 'n Kind en sy sal 'n Kind baar, en hulle . . . 'n Seun, en hulle sal Hom noem'" (*dit* is Hy) "'JESUS, wat Emmánuel is,' wat is, as dit vertaal word . . ." Wat? [Gemeente sê: "God met ons."—Red.] Wat is die Naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees" dan? ["Here Jesus Christus."] Sekerlik. "Sy Naam sal genoem word" ["'JESUS,'"] "want Hy sal Sy volk van hulle sondes verlos."

175 Nou, wat is "Vader, Seun, Heilige Gees"? Die Here Jesus Christus. Wat is die Naam Daarvan? Nie naam . . . "Vader" is nie 'n naam nie, "Seun" is nie 'n naam nie, "Heilige Gees" is nie 'n nie 'n naam nie. Maar Jesus Christus is "Here Jesus Christus," wat die Vader, Seun, Heilige Gees is, die drie ampte van God gemanifesteer in vlees, in een Persoon. Halleluja! Broer, dis die Waarheid. So help my, God, ek sal op die Oordeelsdag staan Daarop.

176 Wat het die voetganger gedoen? Het God die Vader bo in die Hemel, God die Seun, wat *hier* oorkant sit op 'n troon, en God die Hei- . . . Geen wonder ons kan nêrens kom nie!

177 God is in julle, met julle. "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die voleinding van die wêreld. En die dinge wat Ek doen sal julle ook doen," nie 'n ander Persoon nie, maar dieselfde Heilige Gees, dieselfde Persoon, selfde God. Jesus, die Here Jesus Self, was 'n Tabernakel waarin God gewoon het, om Homself te manifesteer, want Hy was 'n Gees. Hy was 'n Gees.

178 Nou, Jesus was nie Ewig nie. God is Ewig. Jesus is nou Ewig, want God het 'n Liggaam opgeneem.

179 Daar was eenmaal, voor die grondlegging van die wêreld, wat ek Ewig was. Toe God aan my gedink het, daar was aan my gedink voor die grondlegging van die wêreld, my naam is geplaas in die Lam se Boek van die Lewe, en so was joune ook, voor daar selfs een korreltjie sand was. Hoeveel weet dis die

Bybel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel weet dat God jou naam geplaas het in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld? Dan, in God se denke, is ons net daar gebore in Sy Koninkryk.

180 Eendag het daar 'n liggaam gekom deur 'n heilige huwelik, my vader en moeder. En hulle het my verwek, en hier kom ek, William Branham, verteenwoordig in 'n liggaam van vlees. Nou ken julle my as William Branham, 'n man. God het my geken as William Branham, 'n gedagte in Sy Eie gemoed, en 'n uitdrukking.

181 Wat is 'n woord? 'n Woord is 'n uitgedrukte gedagte. Toe Hy gespreek en gesê het: "Laat hom kom," het ek gekom. Wanneer Hy sê: "Laat hom weer kom," sal ek weer kom. Ja, meneer. En so, julle sien, 'n gedagte; 'n woord is 'n uitgedrukte gedagte.

182 God het alreeds die Woord gegee, enigste ding wat Sy gedagte was, en Hy het dit uitgedruk. Wanneer Hy uiting gee daaraan, gebeur dit. "Laat daar wees," en daar was. Daar is God, die alvermoënde, al-kragtige, almagtige Jehova. Nou is Hy verteenwoordig.

Om nou, dit uit te voer, moes hulle 'n vals doop kry om dit te maak.

Julle sien, dis versteek. Die wêreld sien dit nie, en dit kan nie gesien word nie.

183 Nou hou goed dop, terwyl ons nog genoeg tyd het om—om af te sluit en die gebedslyn te hou. Goed. Ek was langer as wat ek gedink het ek was, daarop. Net 'n minuut nou, ek het nog iets wat ek vir julle wil vertel.

184 Daarom: "Vader, Seun, Heilige Gees" is een ware God. Hy het een Naam. Sy Naam is Jesus Christus. Hy is gebore Christus die Here toe Hy gebore is. Hy, *Christus*, beteken "die Gesalfde." Die *Here* beteken "eienaarskap." Hy was "eienaarskap" en "Here." En toe het God afgekom en in Hom gewoon, wat Hom beide Vader, Seun, en Heilige Gees gemaak het; Alfa, Oméga, die Begin en die Einde; Hy wat Was, Wat Is, en Sal Kom; die Wortel en Geslag van Dawid, beide Wortel en Geslag van Dawid; die Môrester, die Eerste en die Laaste. Dis Hy. O!

185 "Wat die afknyper laat oorbly het." Hoe kan jy aanbid as jy nie weet wat jy aanbid nie? Hoe kan jy geestelik wees as jy nie die Heilige Gees in jou het nie? As jy heeltemal verstrengel is in 'n klomp kerkgeloofsbelydenisse, jou sal laat optree soos kerkmense, en—en statig en godsdienstig, en sulke dinge. Dis alles goeie, morele dade.

186 Maar, broer, jy moet wedergebore wees deur die egte Heilige Gees wat net kom deur die Woord van God. En die ware Woord van God, wanneer Dit in jou inkom, sal Dit die Waarheid manifesteer. "Hy, die Heilige Gees, Hy sal kom. Hy sal getuig

van My. Hy sal die Waarheid manifesteer. Hy sal die dinge neem wat Ek vir julle gewys het, dinge wys wat Ek gesê het, en hulle vir julle wys. Die Heilige Gees sal." Wat Hy sal doen, daar is Hy.

187 Wat die afknyper laat oorbly het, het die kaalvreter verslind. En wat die Katoliek laat oorbly het, het die Lutheraan verslind. En wat die Lutheraan verslind het, laat oorbly het, het die Metodis verslind. En wat die Metodis laat oorbly het, het die Pinkster verslind. Waar het dit beland? Al hierdie konglomerasie van sonde, al hierdie dinge, leringe, ander dinge wat ons kon sê, o, goeiste, hande skud, water sprinkel.

188 Wie het ooit gehoor van besprinkeling? Wys dit vir my in die Bybel. Wie het ooit gehoor van water oorgooi? Wys dit vir my in die Bybel. Doop kom van, die woord *baptizo*, wat "begrawe en bedek" beteken. Reg. Dis die Waarheid van God se Woord. O, ons tyd gehad het, kon ons aan en aangaan met die valse dinge.

189 Ek sê dit, my geliefde mense. Luister na my. Ek sal eendag saam met julle in die Oordeelsdag staan. Ek sal moet antwoord. Ek sal nooit antwoord aan geloofsbelydenis nie. (So help my, God!) Ek sal antwoord aan die Bybel. Dis die Boek waarby ek sal staan.

190 Daar is geen plek in die Bybel waar hulle ooit die Heilige Gees ontvang het sonder om emosie te hê, in tale te praat, en uitroepe, en lofprysing van God, en profesieë, en manifestasies nie. Hulle het nooit net opgestap en handgeskud met die prediker en weggestap nie.

191 Daar is geen plek in die Bybel waar hulle ooit ontvang het, ooit gedoop is, buiten gedoop te wees in die Naam van Jesus Christus nie.

192 Daar was geen plek in die Bybel waar hulle ooit drie-eenheid geleer het nie. Dit was altyd 'n "een God." "Hoor julle, O Israel, Ek is die Here julle God, een God! Julle sal geen ander gode voor My hê nie. Ek is die Here julle God." Nie 'n Vader, en 'n Seun, en 'n Heilige Gees nie, maar "Ek's God!" Vir altyd, is Hy God! Hy was altyd God. Hy sal altyd God wees.

193 En wanneer 'n denominasie jou sal los, wanneer jy na 'n gemeente toe kom om broederliefde te probeer bewys, selfs met hulle denominasies, om te probeer optel en te red wat jy kan, hulle in te trek, laat God die res daarvan neem. En omdat jy staan op Bybel Waarhede, sal hulle jou ekskommuniseer. Dit kan niks anders wees as die gemene set van die duiwel nie, om te keer dat kinders inkom en die diens sien en gered word. Dis reg.

194 Daar's die soliede Rots van God se Woord. [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.] Ek sal enige persoon neem, enige tyd wat hulle wil, en saam met hulle gaan in broederliefde, en ek wil hê julle moet vir my een ding wys wat ek gesê het wat nie die Bybel Waarheid is nie. Ja, meneer. Dis waar.

Nou, omdat jy Daarvoor staan, word jy geëkskommuniseer. Ek verwag dat dit so is. God het gesê dit sal so wees.

195 Hulle het dieselfde met Hom gedoen. "Waar het Jy die lering gekry? Van watter skool af het Jy gekom? Wat is Jy, Farriseër of Sadduseër?" Hy was die Seun van die lewende God, Hy het geen kant met enige van hulle gekies nie.

196 So help my, God, laat my genoeg durf hê, laat my genoeg beginsel hê, laat my mans genoeg wees, laat my Christus genoeg wees, om alleen te staan (as ek staan, so moet staan) en die Waarheid vertel, en staan. Ja, meneer. Ek sal liewer die Evangelie vir vyf mense preek, as die miljoene hê wat wel hoor. Vertel die waarheid. Ek het nog nooit toegegee nie. Ek wou dit hê, omdat God vir my gesê het hierdie groot tekens en dinge wat voortgebring is, soos die manifestasie van Sy opstanding, ensovoorts, dis vir die Kerk. Daardie arme mense daarbuite, en gebonde in daardie geloofsbelydenisse en dinge, hulle is so geïndoktrineerd, soos gebalsem.

197 God seën julle hart. Ek sal julle nie in daardie toestand los nie. Ek sal vir julle sê wat God gesê het: "Maar Ek sal aan julle herstel alles wat die kaalvreter verslind het, alles wat die voetganger verslind het, alles wat die afknyper verslind het. Ek sal herstel, sê die Here!" So help my, ek maak hierdie profesie. Voor die Koms van die Here, die ware apostoliese Geloof, die ware apostoliese Leer, die ware Bybel Gees, die ware, Dis op Sy pad nou, probeer Sy pad boontoe eet, weer uit te groei.

198 Die Pinkster het dit gehad, om mee te begin. Wat het hulle gedoen? 'n Klein randjie Daarom getrek, begin nomineer. En Hy het Dit net afgesny. Dis presies reg. Hier kom aan, toe die Here hierdie gawes gestuur het, die nederige gawetjies wat Hy my gegee het. Hulle bly kom, hulle wil hê ek moet daardie laatreën uitstorting wees; 'n organisasie daaruit maak. Wil hê ek moet by die Gemeentes aansluit.

199 Ek het reg in die middel van elke loot gestaan wat daar hang, reg hier by die stomp van die Boom, en gesê: "Dit is die Fondasie. Sny af hierdie ou laplyne hier, sodat die Lewe in julle kan inkom, dan sal julle profesieë hê, julle sal onderskeiding hê, julle sal Gees hê, julle sal krag hê. Julle sal die herstel van die ware Kerk hê, wanneer julle terugkom na die ware Wynstok en die ware Lewe."

200 Dit kan nie deur 'n lap kom wat Dit reg af laat val, en sê: "Dit was vir 'n ander dag. Dis 'n ander dag," nie. Dis vir altyd dieselfde. Hy's Alfa en Oméga; die Begin en die Einde. Absoluut. Jy moet terugkom na die Fondasie, want: "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal nie Daarteen standhou nie."

201 God seën julle, vriende. Ek weet julle dink ek is net 'n bietjie luidrugtig, 'n bietjie buite orde, maar ek is nie. Ek dink ek is binne orde met hierdie Woord.

202 Die—die Gees van God is hier, dieselfde Gees wat die Bybel geskryf het. As die Gees wat die Bybel geskryf het, "amen" sal sê elke keer wat die Bybel Woorde gespreek word. As, daar, almal wat ooit gedoop is in die Naam van Jesus Christus, die ware Gees van God sal sê: "Amen. Dis die Waarheid." En die Bybel het gesê: "Jesus Christus, dieselfde gister en vir altyd," "Ek sal altyd met julle wees, selfs in julle, tot aan die voleinding van die wêreld," die ware Gees van God sal sê: "Amen." En as dit die ware Gees van God is, dan sal die ware kragte en manifestasies van die Gees Ditself manifesteer saam met hierdie ware Gees. Beoordeel julle die Woord wat julle hoor. Beoordeel Dit volgens die Bybel. Hou Sy aksies dop. Hou Sy werke dop.

203 Is daar kandidate hier wat gedoop moet word, wat nooit gedoop is nie, wat gedoop wil word? Steek jou hand op. Goed.

204 As daar dan geen dopelinge is nie, goed, dan sal ons bid vir die siekes. Is daar enigiemand hier wat siek is? Steek jou hand op, wat voor gebid wil word. Hoeveel hier wat vreemdelinge onder ons is, en voor gebid wil word; ek ken jou nie, en ek's vreemd, ek ken jou nie? Goed. Siek en beproef, ek jou nie ken nie.

205 As God God is, as Hy God is van die Woord wat ek preek; Jesus het gesê: "Die dinge wat Ek doen sal julle ook doen." Is dit reg? Jesus het gesê: "Die dinge wat Ek doen sal julle ook doen. Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na die Vader." Wat was dit? Gedraai van 'n Man, 'n liggaam, weer terug na die Vuurkolom. Toe Paulus Hom ontmoet het op die pad na Damaskus, wat was Hy? Vuurkolom. Dit reg? Was beslis. Wat is Hy vandag? Wat is Hy in *daardie* foto?

Jy sê: "O, jy kan dit *sê*, Broer Branham."

206 As dit waarlik die waarheid van God is, as Dit dieselfde Vuurkolom is, dieselfde Jesus Christus, ek aanspraak maak Sy Gees het in my ingekom, sal Dit dieselfde ding doen wat Hy gedoen het. Dit sal saamstem met elke Woord wat Hy gesê het, maak nie saak wat geloofsbelydenisse en denominasies sal sê nie. Dit sal Sy Woord spreek. Hy het Dit gespreek.

207 Hulle ongeloof het Hom nie gestop nie. Hulle geloofsbelydenisse en denominasie, Hy het nooit geen kant gekies saam met enige van hulle nie. Hy het die onvervalste Evangelie gepreek wat hy van God gehoor het. Hy het alleen gestaan. Sekerlik, het Hy. Op Gólgota, was daar nie eers een wat by Hom wou staan nie. Hy het alleen gestaan.

208 As jy enigiets sal beteken, sal jy vir God staan, sal jy alleen staan. Dis jy! Dis nie die wêreld nie, dis nie jou kerk nie, dis nie jou denominasie nie. Dis jy, tussen jou en God. Ek geen nie om wat die . . .

209 Die Branham Tabernakel kan doen wat hulle wil. Ek wil hê hulle moet God glo; ek wil hê hulle moet saamkom. Maar as hulle nie wil nie, gaan ek nie toegee saam met hulle in hulle kleinlike dingetjie nie. Ek sal staan vir God.

210 "Die Metodis. Wat sal jy doen, Broer Branham? Die—die drie-enige Pinkster?" Ek het bewys ek het hulle lief. Ek het na hulle toe gegaan, en in die Gemeentes van God en kerk van God ingestuur.

211 "En as die Eenheid, julle verskil van die Eenheid as gevolg van hulle 'een' standpunt soos daardie." Ja, meneer. Jesus het 'n Vader gehad. Hy was God. Hulle doop in die Naam van "Jesus." Ek doop in die Naam van "die Here Jesus Christus." Daar's baie Jesusse, maar daar's net een Here Jesus Christus. Sien? Nie in "Jesus" Naam nie. Maar in "die Here Jesus Christus," dis Vader, Seun, Heilige Gees.

212 *Here*, "Here het gespreek tot my Here: 'Sit aan die regterhand.'" Seun, *Jesus*. *Christus*, Logos, wat uit God uitgegaan het, in die begin. Vader, Seun, en Heilige Gees. Daar het julle dit.

213 O, ek is so bly daaroor! My hart juig net! En om te weet dat Sy Gees, die Gees wat die Woord geskryf het, saamstem met die Woord, bewys die Lewenslyn. Dit kom in, manifesteer Ditself. God sy met julle. Dis Jesus Christus die Seun van God. Ek het die Waarheid gepraat oor Sy Woord.

Nou, julle, julle tabernakelmense, ek bid op ander tye vir julle. Ons is laat. Ek het bietjie oorgegaan, 'n klein bietjie verbygegaan. Ek het verwag dat 'n klomp gedoop sou word.

214 Kyk. As die Heilige Gees hier is, sal ons. . . Hy sal—Hy sal julle genees. Ek wil hê daardie mense wat vreemdelinge in ons poorte is, wat—wat siek en beproefd is. En nou, as ek die Waarheid gepraat het van God, en hierdie mense die waarheid gepraat het, dat ek hulle nie ken nie, en hulle is siek en beproefd; as die Heilige Gees dieselfde bly, kan Hy aan my openbaar. As dit dieselfde Heilige Gees is, en Dis verbind met dieselfde stomp *hier*onder waarvan die voetganger afgevreet het, maar daar is 'n klein stukkie bas wat *daar*onder afloop, wat hierdie verbind, sal dit net so werk soos dit daaronder het.

215 Kerkgeloofsbelydenisse sal sê: "O, dis nie reg nie. Dis gedagtes lees. Dis die—die duiwel. Dis fortuinvertellery."

216 Hulle het dieselfde van Hom gesê. "As hulle die Meester van die huis 'Beëlsebub' noem, hoeveel te meer sal hulle Sy dissipels noem?" Reg. Steeds stop dit dit nie. Dit laat dit net toeneem, laat dit aangaan.

217 Nou, is Hy steeds God? Is Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd? Eer Hy Sy Woord? Hy doen dit.

218 En ek vermaan elkeen van julle, as julle nooit gedoop is in die Naam van Jesus Christus nie, gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. Ek gee nie om wat die ou kerklap sê nie. Dis 'n denomi- . . .

219 En ek ken mans wat ek reg in my studeerkamer ingebring het, en bestudeer het. By goeie mans, sou ek sê: "Kom 'n oomblik hier. Wys jy my net waar jy gedoop is in die naam van die 'Vader, Seun, Heilige Gees,' of dit Skriftuurlik is."

220 En wanneer hy vasgepen is, sê: "Ek weet dit, Broer Branham, maar moenie dit verklap van my nie." Sien?

221 Ek het gesê: "Steun jou doktrine, wys my waar een. Elkeen in die Bybel, hulle . . . "

222 Party doop, in glad geen naam nie, hulle moes kom om weer oorgedoop te word, voor hulle die Heilige Gees kry. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Paulus het deur die boonste kusstreke van Efése gegaan, hy het die Baptiste gevind. Hulle het 'n gehad 'n goeie . . . Hulle het 'n goeie pastoor gehad. Hy was 'n bekeerde advokaat, Apollos. En hy het vir hulle gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle gelowig geword het?"

223 Hulle het gesê: "Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie."

224 Gesê: "Hoe is julle dan gedoop?" Dit sê in die Koning James: "met watter." Lees dit in die oorspronklike, sê "hoe." "Met watter" beteken dieselfde ding. "Hoe is julle gedoop?"

225 Hulle het gesê: "Ons is gedoop met die doop van Johannes, dieselfde man wat Jesus gedoop het." Dis goeie doop. "Uit die water uitgestap, dieselfde een wat gedoop het . . . Johannes."

226 Wel, Paulus het gesê: "Dit sal nie meer werk nie. Dit is nie meer reg nie. Hy het klaar gekom, is gekruisig. Want Johannes het gedoop tot bekering, nie vergewing van sondes nie, gesê julle moet glo aan Hom wat gekom het, Jesus Christus." En toe hulle dit hoor, het hulle uitgestap in die water in en is weer oorgedoop, in die Naam van Jesus Christus. Paulus het sy hande op hulle gelê, die Heilige Gees het op hulle gekom. Hulle het geprofeteer en in tale gepraat. Dit reg? Paulus het manne vermaan wat gedoop is deur dieselfde man wat Jesus gedoop het, vir hulle gesê hulle moet oorgedoop word, omdat hulle nie gedoop was in die Naam van die Here Jesus nie.

Ek het 'n reg om dieselfde ding te sê. Dis dieselfde Doktrine.

227 Nou, wat het Paulus gesê in Galásiërs 1:8? Nou, hy het dit gedoen. Hoeveel weet dat dit die Waarheid is, sê "amen"? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En hy het gesê: "As 'n Engel uit die Hemel," wat nog 'n prediker uit 'n kerk of 'n denominasie! "As 'n Engel uit die Hemel kom en enige ander Evangelie verkondig as Hierdie, laat hom 'n vervloeking wees. Soos ek vroeër gesê het, so sê ek weer, as ons of 'n Engel uit die Hemel enige ander Evangelie

as Hierdie verkondig wat julle alreeds gehoor het." Sien waar die afknyper Dit afgevreet het? Sien? "Maar as 'n—'n Engel enigiets anders preek as wat Hierdie is, laat hom vir julle 'n vervloeking wees." Dis reg. Laat hom vervloek wees. Moenie enige aandag aan hom gee nie.

228 En as 'n pastoor, as 'n sendeling, as 'n—'n evangelis, of enigiemand, jou probeer verplig om gedoop te word op enige ander manier as in die Naam van Jesus Christus, laat my saam met Paulus sê: "Laat hom 'n vervloeking wees." As enige man vir jou sê: "Skud hand met die prediker en jy sal die Heilige Gees ontvang," laat hom 'n vervloeking wees. Want, die Heilige Gees is 'n Geboorte. Hulle wil Dit selfgemaak hê.

229 Enigiemand weet, soos ek tevore gesê het, 'n geboorte is 'n gemors, ek gee nie om waar dit is nie. As 'n geboorte in 'n skuur is, is dit 'n gemors. As dit in 'n huis is, is dit 'n gemors. As dit in 'n hospitaal is, in 'n pienk, versierde kamer, is dit 'n gemors. 'n Geboorte is altyd 'n gemors.

230 En die nuwe Geboorte is niks minder nie. Dis 'n gemors; huil en ween, net weeklaag, stamelende lippe, en allerande dinge wat aangaan. Dis 'n gemors, maar dit bring Lewe. Enigste manier wat jy dit kan doen.

231 Jy moenie enige handskud aanvaar nie, of jou naam op 'n kerk, opgaan en sê: "Ek glo in God die Almagtige Vader, Skepper van hemel en aarde; en Jesus Christus, die Seun; die heilige Roomse Katolieke Kerk; en die gemeenskap van die heiliges" nie. As jy dit doen, sê jy jy is 'n spiritualis.

232 Enigiets wat gemeenskap het met die dooies, ek gee nie om wat dit is nie, is 'n duiwel. "Daar's net een Middelaar tussen God en die mense, dis die Man Jesus Christus." En Hy is nie dood nie, maar Hy is lewendig. En Hy is nou hier; Hy het opgestaan uit die dood. Al die ander Katolieke heiliges en Protestante heiliges, en wat ook al, is dood en in die graf. Hulle mag in Heerlikheid wees. As hulle heiliges was, is hulle Daar. Ek gee nie om waar hulle is nie, as jy met hulle gemeenskap het, oortree jy absoluut die wette van God, en gaan deur 'n duiwel. Dis nie 'n heilige nie. Sekerlik. Die Bybel het so gesê.

233 Die voetganger het dit afgevreet, ook, maar God sal dit terugherstel tot 'n ware, lewende Gees van God wat nie kommunikeer met een of ander Sint Judas, en Sint *Hierdie*, en Sint *Daardie*, en Sint Cecelia, en al hierdie ander, en party van hierdie heiliges nie. Dit sal die Gees van Jesus Christus wees wat sal terugkom en Homself manifesteer en presies dieselfde ding doen. "Ek sal herstel, sê die Here." En ek dank God, vandag, op die Kerktak *hier*bo, het daar 'n bietjie Lewe begin deurglip Daardeur. Dit manifesteer Homself. God sal die volle Kerk weer terugherstel na Sy regte gestalte, voor die Koms van die Here.

234 Here Jesus, die diens is U s'n. Ek is net verantwoordelik vir die Woord, om Dit te preek. Nou is dit gedoen. Dis in U hande, Here. Ek bid dit in Christus se Naam, dat U hierdie dinge sal ontvang, en in die lig waarin Dit gepreek is, Here. Mag, as enige gewete seergemaak is, mag dit genees word deur die Balsem van Gílead. Mag hulle, Here, wat hier sit, wat besprinkel is, uitgegiet, of onderdompel is in drie gode, laat hulle hul fout sien, Here. Ek kan . . . maak nie saak hoeveel ek sou preek nie.

235 Toe U gepreek en dieselfde ding gedoen het, en tog was hulle oë verblind. "Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie trek nie." En hoewel U gepreek het en wonderwerke gedoen het, en bewys het U is die Messias, tog kon hulle nie glo nie, omdat Jesaja gesê het hulle sou so wees.

236 En ek mag dit byvoeg, dat, vandag, hoewel U soveel dinge gedoen het, U U ware Woord uitgebring het, Dit teruggebring het in die apostoliese fondasie, Dit neerlê as 'n uitdaging, dat Dit die Waarheid is, en dan kom U reguit Daarna en doen dieselfde soort wonderwerke wat U gedoen het toe U hier op aarde was. Wat gebeur? Hulle kan nie. Want, Paulus het gesê, deur die Gees (soos Jesaja gesê het): "Hulle sal roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God wees, verraaiers, kwaadsprekers, onversoenlik, en sonder liefde vir die goeie; wat 'n gedaante van godsaligheid besit, maar die Krag daarvan verloën. Keer jou af van hierdie mense."

237 Here, ek bid vandag dat U Uself sal manifesteer en—en U—U Woord net nou onder ons sal laat lewe. Want ons vra dit in Jesus Naam. As U dit sal doen, Here, sal almal van hulle glo. Ons sal wegstap van hierdie tabernakel vanmôre, in die geloof dat ons siele verlos is, as U net (glo) dit vir hulle sal stuur, Here, en tot elke hart spreek, terwyl ons wag vir U onderskeiding.

Laat die Heilige Gees, die ware Lewe van God, in hierdie deeltjie van 'n tak inkom wat oor is. O Here, bekragtig dit met U Gees. Mag dit . . . Dit getuig, Here. Getuig, U Woord is reg. Elke mens is 'n leuenaar, U is Waarheid. Maak nie saak hoeveel daarteen draai nie; as dit martelaarskap neem, dit ekskommunisering neem, dit hou van veldtogte neem, waar jy een man moet neem en staan op . . . Daardie arme kinders van God, hulle sal uitkom, in elk geval, ongeag. Hulle sal kom, in elk geval, om te hoor.

238 "My skape ken My Stem, 'n vreemdeling sal hulle nie volg nie." U Stem, die manier wat Dit die eerste keer U skape geroep het, roep Dit weer. En 'n vreemdeling sal hulle nie volg nie. As U Stem, wat U skape geroep het, gesê het: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus," U skape het Dit gehoor. U skape hoor dieselfde ding vandag. As een gesê het: "O, dis—dis antichris goed. Word gedoop, naam van 'Vader, Seun, Heilige Gees,'" 'n vreemdeling sal hulle nie volg nie. Hulle

sal U Stem ken. Hulle sal dophou vir U werke. Ek bid, Vader, dat U alles sal skenk. U Stem het gespreek, mag U werke volg. In Jesus se Naam. Amen.

['n Broer praat in 'n ander taal. Broer Branham talm—Red.] Nou, vriend, die Heilige Gees beweeg.

239 Nou gaan ek my rug draai op hierdie gehoor. Nou, ek wil nie julle mense hê wat hier by hierdie tabernakel is nie; ek beter *hierdie* kant toe kyk. Ek wil nie enige van die tabernakel mense hê nie; ek wil julle hê wat nooit tevore hier was nie, of julle weet ek ken julle nie. Uitstedige mense, steek weer julle hande op, waar ek kan sien waar julle is, dat julle siek is. Laat die Heilige Gees nou beweeg. Nou, aan julle mense, ek ken julle nie.

240 Het julle gebedskaartjies? Het jy uitgegee enige gebed . . . [Leë kol op band—Red.] . . . hulle aangeraak.

241 En laat Hom dit ten minste twee keer doen. Die Bybel het gesê: "In die mond van . . . " Hoeveel getuies? "Twee of drie." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "Twee of drie getuies, laat elke woord bevestig word." Neem ten minste twee of drie van julle, glo die res van julle dan. Wat ook al julle nodig het, glo julle dit net nou.

242 Sal julle dit doen, as Hy dit sal doen? Steek jou hand op, sê: "Ek—ek—ek sal dit deur geloof neem, net my hand opsteek." Sal julle dit doen? Steek julle hande op, elkeen hierbinne. Hoeveel hierbinne wat sê: "Ek het dit nooit tevore gesien nie. Ek sal dit ook deur geloof neem"? Steek jou hand op, sê: "Ek sal dit deur geloof neem." Kyk daar.

243 Sien julle nou waar ek staan? Daar's 'n uitdaging hier. Nou, as Hy God is, sal Hy Homself manifesteer. As dit nie Waarheid is nie, dan is ek 'n leuenaar en 'n valse profeet. Julle behoort nooit weer te kom en na my te luister nie, want ek is 'n vals profeet; ek het 'n getuienis van Christus gegee wat nie reg was nie. Jy kan dit nie doen en die leer bewys wat ek het . . . [Leë kol op band—Red.]

244 Jy kom. Jy's van hier, die tabernakel, is jy nie, dame? Jy wat daar sit met jou hand op, 'n klein wit hoedjie op. Ja. Jy's van hier. [Broer Branham talm—Red.] Sien, wanneer ek daardie daar sien, die mense trek daardie visioen. Ek kan Dit reg bo-oor hulle sien staan.

245 Maar ek wag vir iemand wat ek nie ken nie. [Broer Branham talm—Red.] Hier, jy van onder by die tabernakel hier, dame wat jou sakdoek bo het soos *dié*, wat net hier sit? Is jy van . . . Jy, jy—jy van buite die dorp? Staan 'n oomblik op jou voete. Terwyl jy daar gesit, en bid het, het daar 'n snaakse gevoel oor jou gekom, meteens. Dit was die Engel van die Here. Nou staan Hy reg langs jou nou. Nou daar's iets, dat jy Hom aangeraak het. Ek weet nie wat dit is nie. Maar jy is van buite die dorp. Jy kan van Louisville wees, of Tennessee, of wat jy ook al mag wees. Ek weet nie. God weet dit wel. Maar as Hy aan my sal openbaar wat jy . . . die

verborgenheid van jou hart, jou—jou begeerte sal bekend maak, of so-iets, sal jy glo, die Woord aanvaar, alles net so doen soos . . .

246 Nou al julle mense, wat reg na die vrou kyk, sal sien. Nou laat die Heilige Gees, as Hy steeds die Heilige Gees is, laat Hom dit openbaar. Moenie bang wees nie. Hy's God. Hy hou Sy Woord, elke Woord.

247 Die vrou ly aan 'n ineenstorting, 'n senuweetoestand. Dis reg. Steek jou hand op. Jy het hartprobleme, ook. Dis 'n senuweeagtige hart. Maak jou erger seer as jy gaan lê, smoor jou meer. Jy het 'n operasie gehad. Daardie operasie is nog nie genees nie. Dis reg. Is dit nie? Nee, jy's nie van Ohio nie . . . Jy is van Ohio. Jy is van Ohio. Ja, meneer. Jy het 'n behoefte op jou hart. Dis een of ander meisie, of iets. Dis 'n dogter, vermis. Dis SO SPREEK DIE HERE. Gaan, ontvang waarvoor jy gevra het, dame. Jy het Iets aangeraak. Glo jy?

Wie was dit nog wat hulle hande op gehad het [Leë kol op band—Red.] hierbinne?

248 Glo jy God kan vir my die verborgenheid van jou hart openbaar? Jy glo dis dieselfde God waarvan ek gepreek het vanmôre? Jy het 'n donker skaduwee oor jou, dis kanker. Glo jy dat God jou sal genees? Jy glo? Goed, meneer, dan gaan jy terug na Ohio waarvandaan jy gekom het, Lebanon, gaan terug en word genees, deur geloof in die Here Jesus Christus. Gaan, glo.

249 Hierdie dametjie wat net hier sit, soort van . . . Het een of ander soort veluitslag. Staan op, skat. Glo jy? Het jou soort van 'n bietjie geskok, het dit nie? Goed. Dis . . . Jy gaan daaroor kom. Jy gaan reg kom. Ek sien jou, later. Gaan huistoe, word gesond.

250 Wie was die persoon wat opgestaan het net 'n paar oomblikke gelede? Een of ander man het daaragter opgestaan, iewers. Jy met jou hand op, staan op jou voete. Glo jy Jesus Christus kan vir jou vertel wat jou probleem is? Aanvaar jy dit? [Broer Branham talm—Red.] Glo daardie knoop sal van jou nek afgaan? Jou vrou wat daar langs jou sit, wat ly aan 'n senuweetoestand. Dis ook reg. Julle is almal van Ohio. Plaas jou hand oorkant op haar daar, broer.

251 Here, mag hulle genees word, teruggaan na hulle huis toe, juig en genees word, deur Jesus Christus onse Here. Amen.

252 [Leë kol op band—Red.] . . . iemand langs jou. Vat my Woord; ek vertel vir julle God se Woord. Glo julle Dit nou? Almal wat glo, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."] Die Woord is gemanifesteer. Dis die Waarheid.

Buig nou julle hoofde.

253 Here, ek kom na U in die Naam van Jesus, en bid vir hierdie mense. Dis laat, Here. En dis eintlik later as wat ons dink. Dis die Koms van die Here, is op hande. Ons bid dat U genade uitgestrek sal word. Gee aan hulle, Here, hulle genesing. Ek bestraf nou die

duiwel, in die Lig van God se Woord; dat Hy die Seun van God is, dat Jesus Christus die Seun van God dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, dat waterdoop in die Naam van Jesus Christus die korrekte . . .

Afknyper, Treksprinkaan, Voetganger, Kaalvreter AFR59-0823
(Palmerworm, Locust, Cankerworm, Caterpillar)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 23 Augustus 1959, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org